ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Uitgegee in opdrag van die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



PRYS R2,50 AVB INGESLUIT

1982

76ste jaargang

LANGSTRAAT 58, KAAPSTAD

PAUL KRUGERSTRAAT 480,
PRETORIA

Met Komplimente van

HAUM

Boekwinkels

TRUSTBANK-SENTRUM
STELLENBOSCH

NEDBANK FORUMGEBOU,
HOEK VAN BURNETT &
FESTIVALSTRAAT
HATFIELD, PRETORIA

NEDBANK PLAZAGEBOU,
BEATRIXSTRAAT, ARCADIA

ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1982

REDAKSIE
Hoofredakteur
Prof dr P S Dreyer
Ds S E Young
Ds J D H Smit
Mnr A B van N Herbst
Ds P M Smith
Kompilator Kerklike Publikasies en Beriggewing
Redakteur vir Statistiek

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA

76ste JAARGANG

Gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes



PYPORRELS:
Gebou in Suid-Afrika
wat u kerk eer aandoen.

LUIKLOKKE: Van die beroemde fabriek, Petit en Fritsen, Holland.

UURWERKE: Vir Kerktorings, Stadsale, Skole, ens.

LUIDSPREKERSTELSELS:
Gehoortoestelle vir hardhorendes, kerkmeubels, en aanverwante dienste.

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS (EDMS) BPK.

POSBUS 200 SILVERTON 0127
TELEGRAMME: "DIAPASON". TELEFOON: 86-4844/5/6
KAAPSTAD, BLOEMFONTEIn, POTCHEFSTROOM, JOHANNESBURG

INHOUD

Ter inleiding: 'n Nuwe soort oorlog – redakteur prof dr P S Dreyer 6
Oordenking – ds W J Kemp 8
Die kapelaan in die S A Weermag – ds T F Dreyer, adjunk-kapelaangeneraal 11
Die kerk, diensplig en die diensplig tige – prof dr S J Botha 17
Die kapelaan in die operasionele gebied – ds C L van den Berg en ds S J van der Westhuizen 20
Geloofs- en gewetensbesware teen diensplig – dr J H Koekemoer 26
Alternatiewe diensplig – ds P P Jooste 30
Vroeëre predikante van die Kerk – Teologiese dosente – Vergeet hulle nie 37
Prof dr P J Muller 37
Prof dr J H J Greyvenstein 37
Prof dr S P Engelbrecht 38
Prof dr B Gemser 38
Prof dr H P Wolmarans 39
Prof dr E S Mulder 39
Prof dr S P J J van Rensburg 40
Ds J G du Plessis 40
Fragmentariese skets – H P Wolmarans – ds J N Wolmarans 41
Wyle ds A D Botha – ds Hennie Botha en ds Japie Coetzee 45
Medebouers van die Kerk (Kommandant Marthinus Johannes Wolmarans) – Joh Dreyer 47
Ouderling Jan Hendrik Lotz – prof dr J I de Wet 51
Ouderling Pieter Willem van Staden – ds T H van Nieuwenhuizen 53
Ouderling Renier Johannes van den Bergh – dr L M le Roux 55
Ouderling Gerrie van der Westhuizen – ds S E Young 57
Ouderling J J Prinsloo – ds L A Breedt 59
Ouderling Klaas Berkenbosch – Dirk Uys 61
Nuwe predikante van die Kerk 64
Ds P R Buitendag 64
Ds A J Celliers 64
Ds T F Dreyer 64
Ds Yolanda Dreyer-Papp 64
Ds H F Gothan 65
Ds J H Kay 65
Ds W C Kloppers 65
Ds W W Papp 65
Ds J D Putter 66
Ds M S J van Vuren 66
Ds G P Visser 66
Ds J F Wilson 66
Kalenders 1982 69
Dag- en maandkalender 1982 69
Kerklike- en ander gedenkdae 1982 70
Historiese kalender 71
Universiteitkalenders 1982 83
Onderwyskollege kalenders 1982 83
Skoolkalenders 1982 84
Statistiese gegewens 85
Kommissies en rade 85
Kaapse predikante tot 1842 93
Geestelike leidsmanne rondom die Groot Trek 95

As dit papier is . . .



SPICERS

DIE NAAM VIR GOEIE PAPIER

SPICERS HET PAPIER EN SKRYFBEHOEFTES
VIR ALLE GELEENTHEDE
TAKKE DWARSOOR DIE HELE REPUBLIEK

BLOEMFONTEIN –
Telefoon 8-1533
DURBAN –
Telefoon 29-2171

KAAPSTAD –
Telefoon 51-8191

PRETORIA –
Telefoon 28-6025
JOHANNESBURG –
Telefoon 836-6981

Vroeëre predikante sedert 1853 95
Alfabetiese lys van diensdoende predikante, teologiese professore en ander dosente 101
Diensdoende predikante 1981 104
Vroeëre professore en ander dosente 113
Diensdoende professore en ander dosente 113
Teologiese studente op 16 Julie 1981 115
Alfabetiese lys van gemeentes 118
Ringstatistieke 121
Statistiekopsommings 213
Bybelse Dagboek 215

Ter Inleiding : 'n Nuwe Soort Oorlog

deur prof dr P S Dreyer – redakteur



Ons almal weet wat 'n oorlog is. Sedert Adam en Eva se sondeval is dit 'n ellende wat saam met ons is.

Tot by die Tweede Wêreldoorlog het 'n oorlog min of meer bestaan uit die volgende elemente:

1 Twee lande word vir mekaar kwaad of een of ander regeerder soek eer of wat ook al tot vyandskap en stryd kan lei.
2 Die een land verklaar oorlog teen die ander.
3 Albei span al hulle kragte saam – manne, fabrieke, vervoermiddels en alles wat vir die stryd aangewend kan word.
4 Albei wend die uiterste poging aan om die ander so gou as moontlik onder die knie te kry.
5 'n Oorwinning beteken dat 'n leër die ander leër verslaan het of die een land die ander tot oorgawe gedwing het.
6 'n Oorwinning beteken groot eer vir 'n bevelvoerder en sy land.

So 'n oorlog word vandag 'n konvensionele (gebruiklike, volgens gewoonte) of hoë intensiteitoorlog genoem. Sulke oorloë kry ons sedert die Tweede Wêreldoorlog nie meer nie, omdat almal vir die atoombom bang is en die land wat oorlog verklaar, 'n uitworpeling in die internasionale wêreld is en almal teen hom het.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog woed die een oorlog na die ander, maar dit is 'n soort oorlog wat deur die Kommuniste (Russies en Sjinees) ontwerp is. Dit is die onkonvensionele of lae-intensiteit- of revolusionêre oorlog. In hooftrekke lyk dit so:

1 Geen oorlog word verklaar nie. Daar word voorgegee dat dit geen oorlog is nie. Die aanvaller kry 'n klompie ontevredenes in die teikenland, lei hulle op, stuur hulle terug om opstande te stook, help die opstandelinge en aanvallers. Dit is egter nie 'n oorlog nie. Die wêreld van vandag sê dis 'n vryheidstryd van onderdrukte mense en hulle moet gehelp word. Om hierdie rede word dit revolusionere oorlogsvoering genoem.
2 Die oorlog se eerste mikpunt is om die teikenland se bevolking sielkundig aan te val. Om die rede moet hulle bang gemaak word (terrorisme); hulle moet glo hulle saak is onregverdig, boos, sleg, onchristelik; hulle moet glo hulle samelewing, wette en regering is verkeerd en boos; hulle moet glo dat hulle geen toekoms het nie en die afgrond tegemoet gaan; hulle moet sit en kla oor hulle arme kinders wat moet gaan veg en hulle moet kla oor die ekonomie.
3 Die tweede mikpunt is om die teikenland ekonomies ten onder te bring. Dit is vir hierdie soort oorlog redelik maklik: 'n Saboteur blaas een kragstasie op of vermoor een man op die grens en dit vereis dat die regering die hele grens moet bewaak en baie plekke en mense dwarsdeur die land moet bewaak – natuurlik teen 'n enorme koste.
4 Dis 'n lae-intensiteitoorlog omdat dit bereken is om nie tot volskaalse botsings te ontwikkel nie, maar vir jare en jare voort te sleep en 'n volk sielkundig en ekonomies ten gronde te bring.

Met so 'n oorlog is Suid-Afrika al baie jare besig. Hoeveel van ons mense weet byvoorbeeld die volgende:

1 Die ANC (African National Congress) is al in 1912 gestig.
2 In 1953 is die beroemde "Freedom Charter" deur die ANC uitgereik.
3 PAC (Pan African Congress) is in 1954 gestig.
4 Die ANC het 'n militêre vleuel Umkhonto we Sizwe (Spies van die Nasie) en PAC s'n is Poqo.
5 Poqo-terroriste het einde 1962 tot begin 1963 15 moorde en 21 pogings tot moorde binne ons land gepleeg.
6 Sharpeville het in 1960 plaasgevind en die revolusionêre herdink dit vandag nog.
7 Frederick John Harris laat sy bom op 24 Julie 1964 op die Johannesburgse stasie ontplof.

Dit is maar net 'n paar punte om daaraan te herinner dat ons in Suid-Afrika al sowat 25 jaar met die lae-intensiteitoorlog besig is.

Hierin speel die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n belangrike rol in die versorging van ons polisie en weermag en ook daarin dat ons koers moet gee en moed moet inpraat op die tuisfront.

In 1982 se ALMANAK gee die Kerk so 'n klein kykie in die werk wat die Kerk in hierdie verband doen.

Dit is die redaksie se bede dat die ALMANAK vanjaar weer tot diens van die Kerk en die Hoof van die Kerk sal wees.

Oordenking

2 Korintiërs 5:18 en 19

deur ds WJ Kemp

Hierdie oordenking skryf ek met groot dankbaarheid en ook huiwering en ontsag voor die Here onse God en Vader in Christus Jesus. Ek is diep onder die besef dat dit 'n groot voorreg en genade is, om aan die einde van 50 jaar na my ordening, nog deur die God, wat ons met Homself versoen het deur Christus Jesus, en ons die bediening van die versoening gegee het, gespaar te wees in die lewe.

Ek was bevoorreg om gedurende dié tyd, sy wondervolle evangelie aan medesondaarmense te verkondig. Dan dink ek terug oor die 50 jaar van lief en leed, die hoogtepunte en die laagtepunte. Dan vergeet ek die Amajubadag van die jaar 1932 sekerlik nie, ook nie die oordenking wat waargeneem is deur wyle ds JP van der Berg nie. Daar kom voor my gees die predikante, ouderlinge en diakens wat in daardie jare troue medestryders was vir die evangelie van Jesus Christus; manne wat waarlik gawes van God was. Hulle was mense wat ondersteun en bemoedig het. Daar was baie dae van stryd en teleurstelling, angs en droefheid, maar ook baie dae van liefde, vreugde en genade en heerlikheid waarvoor ek die troue en barmhartige God dank en prys.

Gebeurtenisse was daar wat tot droefheid en smart gestem het, baie waaroor gespreek kan word en baie waaroor liewer geswyg moet word.

Ek wil graag by hierdie geleentheid die nadruk laat val op die woorde: "God het die bediening van die versoening aan ons gegee." Die apostel sê die bediening van die versoening: dit is die diens wat God ingestel het, 'n diens vir sy gemeente en die wêreld.

God het die wêreld met Homself versoen en dit stem ooreen met die bevestigingsformulier van predikante waar dit sê dat dit 'n besondere genade van God is dat Hy mense wil gebruik om sy gemeente op te bou. As 'n mens dan soveel jare in die bediening gestaan het en die lis van die Satan gesien en ervaar het wat hy gebruik om die gemeente te ondergrawe, is dit voorwaar 'n saak wat ons tot diep ootmoed dwing en om ook te erken dat Christus self sy kerk in stand hou. Mens verwonder jou dan meer daaroor dat God mense met soveel gebreke en swakhede, sonde en ongeregtigheid gebruik om diens in sy gemeente te verrig.

Ons kan dit nie verstaan en verklaar dat God dit doen nie, en tog is dit waar en kan ons getuig dat al is die knegte swak en onbetroubaar was daar tog vrug op die arbeid.

Dit is 'n besondere hoë eer wat God 'n nietige Adamskind aandoen om aan hom die woord van die versoening toe te vertrou.

Die genade wat God getoon het deur sy Seun aan die kruisdood te onderwerp, kan seker as wonderlik, ondeurgrondelik en onverklaarbaar genoem word, maar daarmee gepaard is dit ewe wonderlik en onbegryplik dat Hy die verkondiging daarvan aan mense toevertrou het.

Dit behaag God, Here van die hemel en aarde om sy ewige vrederaad met mense, ook deur mense te vervul. God werk nie met toormiddels nie maar met die middels van die rede, verstand, sedelikheid om die mens sy verantwoordelikheid te laat besef. Die Skrif sê dat God die ewigheid in die mens se hart gelê het, maar die mens het deur sy ongehoorsaamheid die goeie werk van God verknoei en sodoende dood en verderf oor homself gebring. God wat egter die mens onverstaanbaar liefhet, het in Christus Jesus die wêreld met Homself versoen, en daardie woord van versoening aan ons toevertrou.

Mens kan eintlik nooit besef hoe 'n geweldige taak dit is wat aan u en my opgelê is, hoe 'n verantwoordelike werk dit is wat op die skouers van elkeen wat hom Christen noem, rus nie.

In sonderheid is dit dan ook die verantwoordelikheid van elke ampsdraer, elke gemeentelid, om mekaar te ondersteun, met mekaar saam te werk, vir mekaar te bid in die uitvoering van die groot en goddelike opdrag om die versoening te verkondig en ook daarvolgens te lewe. Die Satan beraam natuurlik ook allerhande planne en gebruik ook mense om daardie werk te bemoeilik en indien moontlik te laat misluk. Ons kan God nooit genoeg dank vir sy besondere vertroosting en bemoediging in die woorde aan Paulus: "Die krag van God word in swakheid volbring."

In die bediening van die woord het ons met baie mense in aanraking gekom, en steeds het ons getrag – mag dit waar wees van almal – om saam met Paulus te sê "Ek het niks agter gehou wat nuttig is om dit aan julle te verkondig en julle te onderrig, en ook hier kan ek met dankbaarheid getuig dat daar ook van die saad op goeie aarde geval het wat onder die seën van God goeie vrugte voortbring."

Die grondslag is en bly wat die apostel aan die Efesiërs skrywe: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julle self nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie." Al het die mens hom van God afgekeer en deur die ongehoorsaamheid in die verderf beland, het God se liefde bly staan, het Hy ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld. Hierdie verborgenheid kan ons nie verklaar nie. Ons moet in verwondering kniel en Hom dank dat Hy in sy liefde tot sy skepsel neergebuig het om redding en lewe te gee in plaas van verderf en oordeel. Ons kan ons maar net op die verbond van God beroep want God is die God van die geslagte, tot in ewigheid die Heer.

Groepvorming, sektarisme, muitery en ander afdwalings kan nie geduld word nie want dit beteken verwerping van die verbond van God, aantasting van sy eer en soewereiniteit. Sy Wet en Evangelie is openbaar bewys deur die koms van sy Seun; immers so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, dat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Ken ons daardie liefde, ken ons die wiskunde van God, dat julle in staat kan wees om saam met al die heiliges te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

Versoening is 'n woord van onuitputlike rykdom, want God is besig om in Christus

die wêreld met Homself te versoen, deur hulle sonde nie toe te reken nie, want Hy het Hom wat geen sonde geken het, sonde gemaak vir ons sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. Versoening deur voldoening staan hier baie duidelik soos Jesaja dit uitdruk: "Die straf wat vir ons die vrede van God bring, was op Hom en deur sy sterwe het daar vir ons genesing gekom." Daardie plaasvervangende lyde is nog steeds vir die Grieke 'n dwaasheid en vir die Jode 'n struikelblok; maar vir die wat die prediking glo, die wat geroep is, die krag van God en die wysheid van God.

Daardie kruis van Golgota is die simbool van God se toorn oor die sonde maar tegelyk die teken van sy liefde vir die sondaar.

Die arbeidsveld is so wyd as die wêreld met al sy volke, en die prediking moet dus oor die hele wêreld gehoor word. U en ek is egter so onbeholpe, so swak dat ons dikwels moedeloos word, maar ook hier geld die woord van ons Heer, as God vir ons is wie kan teen ons wees. Die woord van Jesus naamlik die wat volhard tot die einde sal salig word, geld nog steeds. Laat ons dan met moed en volharding besig bly om die bediening van die versoening te volvoer, al is dit dan in ons swakheid, maar dan wel in die krag van God.

Die Kapelaan in die SA Weermag

deur ds T F Dreyer
adjunk-kapelaangeneraal



Die kerk se opdrag is om die evangelie te verkondig. As die kerk hierdie opdrag getrou wil uitvoer, sal hy die evangelie onder alle omstandighede en aan alle mense verkondig. Dit wil sê in voor- en teenspoed, in vrede en oorlogsomstandighede, aan burgerlikes en soldate.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het nog altyd daarna gestreef om hierdie opdrag getrou uit te voer. In die vroegste geskiedenis van Transvaal het mense soos di Goddefroy, Van Warmelo, Van Belkum en Kuhn diens onder die burgers gedoen. Tydens Wêreldoorlog II was ds Jac vd Berg staandemagkapelaan. Hierbenewens het verskillende ander predikante in deeltydse hoedanigheid Hervormde lidmate in die SA Weermag versorg.

Met die uitbreiding van die weermag het dit vir ons Kerk noodsaaklik geword om meer aandag aan lidmate van ons Kerk wat in die SA Weermag dien, te gee. Die eerste vaste beslag van die werk het gekom toe Voortrekkerhoogte 'n wyk van Pretoria-Wes geword het. Dit het gelei tot die stigting van die Gemeente Voortrekkerhoogte in 1954, met 'n eie predikant kort daarna.

Van daardie tyd af is die versorging van ons lidmate in die SA Weermag op 'n gereelde en vaste basis geplaas. Vir die eerste keer kon 'n kapelaan as lid van die kapelaansdiens amptelike werk verrig. Hierin het die organisasie van die kapelaansdiens 'n groot rol gespeel. Die kapelaansdiens is die kanaal waardeur die kerk sy lidmate in die SA Weermag kan versorg. Dit moet baie duidelik gestel word dat die kapelaansdiens nie 'n kerk is of een probeer wees nie, maar 'n hulp vir die kerk in sy groot taak.

Aangesien die kapelaansdiens geloofsvryheid vir almal voorstaan, beywer die kapelaansdiens hom daarvoor dat die kerklike versorging van lede van die SAW ooreenkomstig die gebruike van die lid se kerk sal wees.

Die werk is so georganiseer dat die verskillende kapelane minstens een keer elke tweede week hulle lidmate in 'n amptelike "kerk"-periode kan ontmoet. Die alternatiewe week is dit 'n godsdiensweerbaarheidsperiode. Alle normale kerklike verenigings en aktiwiteite het ook plek en tyd in die SAW, soos kategese, jeugverenigings, sustersverenigings en gewone eredienste. Hierbenewens leef en beweeg die kapelaan daagliks tussen sy mense. Hy dra dieselfde uniform en staan onder dieselfde wette en dissipline as enige ander lid van die SAW.

Hy beweeg saam met hulle in die tuisbasis en op die oorlogsfront; verkeer saam met hulle in die loopgraaf of voertuig.



Prof dr G M M Pelser



Wyle ds T F J Dreyer

In die opsig bring die kapelaan groter offers as sy burgerlike kollega, maar dit is dubbel en dwars die moeite werd.

Verder het die kapelaan ook verantwoordelikheid teenoor die bevelvoerder van sy eenheid. Die eenheidskapelaan is verantwoordelik vir die reëling van alle godsdienstige/kerklike sake binne die eenheid. Hy is die raadgewer van die bevelvoerder oor alle sake rakende kerk en godsdiens. Verder hou hy elke oggend 'n gebedsparade, het hy vaste kantoorure, woon ondergroepe by en doen gereeld grensdiens (ten minste een maand per jaar).

Funksioneel is hy verantwoordelik aan die eenheidsbevelvoerder, professioneel aan die kapelaan-generaal.

Ten spyte van al bogenoemde verbintenisse en verantwoordelikhede bly die kapelaan in die volste sin van die woord predikant van sy kerk en staan hy onder die opsig van die kerkraad en ringsvergadering.

Die SAW en kapelaansdiens meng nie in op die suiwer kerklike terrein nie. Die kerk se wette word ten volle erken en gerespekteer. So byvoorbeeld kan 'n kapelaan net as kapelaan in diens van die SAW bly solank sy kerk hom as predikant handhaaf.

Die kapelaanswerk kring ook uit buite die grense van eie gemeente en kerk. In die operasionele gebied kan nie vir elke denominasie, op elke plek, 'n eie kapelaan wees nie. Die beskikbare kapelaan lewer diens aan almal. So leer die kapelane ook ander gelowiges verstaan en waardeer en kom daar 'n broederskap tot stand wat eintlik uniek is.

Bo en behalwe hierdie direkte godsdienstige versorging het die kapelaan ook 'n taak ten opsigte van die kapelaansdiens as geheel. Daar is administratiewe en opleidingsposte wat gevul moet word. Ook hierin het die Hervormde Kerk sy bydrae gelewer. Die volgende kapelane is in stafposte en lewer diens in breër verband:



Dr M W Pretorius

Ds A J Zwarts

Ds Thomas Dreyer as adjunk-kapelaangeneraal met die rang van brigadier.

Dr M W Pretorius as direkteur opleiding met die rang van kolonel tot en met 31 Desember 1980 toe hy ter wille van studie die SAW verlaat het.

Ds A J Zwarts verantwoordelik vir die godsdiensweerbaarheidsprogram.

Ds J J P Muller is kommandementskapelaan te Potchefstroom.

Oor die jare heen het die volgende kapelane as staandemagkapelane gedien:

Ds T F J Dreyer snr	1954 – 1966
Ds Thomas Dreyer	1963 – 1981
Prof G M M Pelser	1966 – 1968
Dr M W Pretorius	1968 – 1980
Ds A J Zwarts	1970 –
Prof S J Botha	1975 – 1980
Ds S J vd Westhuizen	1975 – 1980
Dr T F J Dreyer	1976 – 1977
Ds J J P Muller	1977 –
Ds P P Jooste	1977 –
Ds Z Robberts	1980 –
Ds P F Viljoen	1980 –

'n Predikant wat 'n beroep na die SAW aanvaar, sal heeltemal verlore wees in die groot organisasie van die weermag. Dit is nodig om so 'n predikant te oriënteer. Hy moet weet waar hy inpas, wat sy verantwoordelikhede is, hoe hy as offisier moet

optree, wat sy verhouding met die bevelvoerder is. Dit gaan dus nie oor teologiese opleiding nie (dit het die predikant reeds ondergaan), maar suiwer oor praktiese aangeleenthede in sy werkkring.

In die kapelaansdiens het die kerk 'n groot verantwoordelikheid teenoor die lidmate van sy kerk. Met groot dank kan bevestig word dat die Kerk hierdie verantwoordelikheid besef en predikante vir die taak beskikbaar stel.

Dank word ook aan die SAW betuig vir die geleentheid aan die kerk gebied om die jong manne en vroue kerklik te versorg.

Mev T F Dreyer verwelkom die gaste tydens die ingebruikneming van Melita die noodhuisvesting vir familie van soldate in die hospitaal.

Die kapelaansvrou in die SAW

'n Baie belangrike taak word ook deur die kapelaansvrou gedoen. Sy is soos in elke gemeente verantwoordelik vir die NHSV en die gewone gemeentelike aktiwiteite. Maar in die groter verband van die weermag moet sy deelneem aan die werk van die weermagsdamesklub. In die eenheid waar haar man werk, neem sy saam met die vrou van die bevelvoerder deel aan take binne die eenheid.

Die kapelaansvroue het 'n eie komitee wat oor hulle sake handel. Hulle bou 'n eie fonds op vir sake wat hulle raak. Gedurende 1980 is Melita gerestoureer en baie mooi ingerig. Melita is 'n verblyfplek vir familie van ernstig siek soldate wat in die hospitaal versorg word. Hulle kan teen vergoeding (wat minimaal is) inwoon by Melita om sodoende naby die hospitaal te wees. Dis is veral betekenisvol vir mense wat van verafgeleë plekke kom.

Ds J J P Müller

Dr T F J Dreyer

Met groot ywer en toewyding gee hulle voorligting aan die vrouens van die diensplig-kapelane sodat hulle kan inskakel en tuis voel. Die twee jaar in die SAW is vir beide die diensplig-kapelaan en sy vrou van groot betekenis. Hulle doen waardevolle ondervinding en kennis op.

In die kapelaansblaadjie *In Hoc Signo* behartig die vrouens 'n eie rubriek. 'Net maar 'n Woord' is 'n boekie, vir die alleen-vrou bedoel, wat deur hulle versorg en uitgegee is. 'n Boek, die *kapelaansvrou*, wat as 'n waardevolle inligtingstuk beskou kan word, sal hopelik beskikbaar wees teen die einde van 1981.

Die kapelaansdiens versprei jaarliks duisende Bybels – R82 000 vir 1980. Uit die kapelaansdiensfonds word Bybels aangekoop en teen 'n spesiale prys aan die diensplig-tiges in basisse in die Republiek verkoop. Die diensplig-tiges wat grensdiens doen, kry egter die Bybel kosteloos. 'n Boekie *Woord vir elke dag* word aan die diensplig-tiges kosteloos gegee. Dit het 'n kort boodskap vir elke dag. Kerkblaaie en geestelike lektuur word in die basisse versprei. (Boeke en tydskrifte R17 000 en geestelike films R17 000 vir 1980.)

Alles is daarop ingestel om ons jong manne kerklik en godsdienstig te versorg, hulle op te bou in die geloof en geestelik weerbaar te maak teen al die aanslae wat na hulle kom.

Bo en behalwe kapelane in die staandemag het die kerk ook sy meelewing betoon ten opsigte van die kommando's en burgermageenhede. Daar dien tans Hervormde predikante as kapelane vir die eenhede. Daarbenewens is daar dertig deeltydse kapelane van ons Kerk wat meewerk aan die versorging van Hervormde lidmate in die SAW.

Die noue band tussen die kerk en die SAW word verder gebou deur die kerk ingelig te hou oor die lewe en werk van die SAW. Dit word gedoen deur van tyd tot tyd

Ds Z Robberts

Ds F P Viljoen

predikante uit verskillende kerke op besoek na die grens te neem. Vanuit Hervormde kant het 'n paar predikante reeds die grens besoek en sal daar in die toekoms ook nog 'n paar gaan.

Selfs die predikantsvrouens was al op die grens. In 1979 het brigadier Dreyer ongeveer 20 kapelaansvrouens op besoek geneem. Vroeg in 1980 het kolonel Potgieter 'n klompie vrouens van die NG Kerk geneem en hopelik sal daar binne afsienbare tyd ook aan die Hervormde Kerk se vrouens so 'n geleentheid gebied word.

Wanneer 'n persoon die werk wat deur die weermag gedoen word, gesien het, gaan hart en hande oop om te help om die werk nog verder uit te bou. Nie net ons jong manne word daar goed versorg nie, maar daar word ook baie gedoen vir die plaaslike bevolking. Het u al gehoor hoe 'n klomp Boesmankinders "Die Stem" uit volle bors in Afrikaans sing, daar tussen die hoë bome van die operasionele gebied?

Die SAW se taak is om ons land veilig te hou sodat ons hier kan leef en werk en aanbid in vrede en veiligheid en dat dit ook vir ons kinders beskore sal wees.

Die Kerk, diensplig en die dienspligtige

deur prof dr S J Botha

Nasionale diensplig het 'n bekende verskynsel in ons volkshuishouding geword. Binne jare sal 'n hele geslag van ons volk se jongmanne die skool van militêre diensplig deurloop het. Bowendien dui alles daarop dat die aanslag teen ons nog lank kan duur en daarop moet ons voorbereid wees en daarvan moet die kerk hom ook deeglik vergewis.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het wel lankal die vraag of die kerk by die saak van nasionale diensplig en by die persoon van die dienspligtige betrokke behoort te wees, positief beantwoord. Daarom word dié vraag nou nie hier aan die orde gestel en beredeneer nie. Ook die diensplig stelsel as sodanig word as bekend veronderstel. Waarom dit wel hier gaan, is of ons as kerk en individuele lidmate volhardend ons beloofde en noodsaaklike betrokkenheid en steun, besef en betoon.

Dit sou 'n fout wees as die gedagte onder ons sou posvat dat ons ons betrokkenheid alleen maar moet beperk tot uitsprake deur amptelike kerklike vergaderings en tot die voorsiening van "amptelike" kerklike bearbeiding van die dienspligtige. In die verband kan seker wel gesê word dat die kerk sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Weermag as geheel, en nie net die dienspligtes in die besonder nie, daad-

Kommandokapelane saam met dr M W Pretorius in bevel van die opleiding
Van links na regs: dr M W Pretorius, ds J H v Staden, dr S J Botha, ds S J vd Westhuizen, ds H M E Dreyer, ds H J Bolsenbroek, ds W G Habig.

werklik bewys. Die bestaan van "militêre" gemeentes en die beskikbaarstelling van predikante as voltydse (staande mag), deeltydse, burgermag-, kommando- en diens-pligkapelane, is hiervan onteenseglik 'n bewys. Op die wyse het die Kerk wel voorsie-ning gemaak dat al sy lidmate in uniform kerklik ingeskakel en versorg sal word. Hiermee kan die Kerk egter nie volstaan met die gedagte dat hy so sy volle verant-woordelikheid nagekom het nie.



Kommandokapelane saam met ds S J vd Westhuizen in die veld. Van links na regs di S J vd Westhuizen, J H v Staden, H M E Dreyer en J H Naude.

Die blote feit dat daar voortdurend uit 'n baie groot getal gemeentes talle jong lidmate vir militêre diens opgeroep word, beteken al op sigself dat van gemeentes en kerkrade meer gevra en verwag kan word as net maar 'n "betrokkenheid-op-'n-af-stand". Bowendien maak die faktore wat nasionale diensplig noodsaak, dit ook noodsaaklik dat ons die saak van diensplig baie breër moet sien as net die sporadiese militêre verpligting van 'n klompie van ons jong lidmate waarby ons gemeentes en individuele lidmate alleen maar van tyd tot tyd, en dan net min of meer formeel, betrokke is.

Om die korrekte perspektief op ons beloofde betrokkenheid by die saak van diensplig en die diensplig tige te kry, moet ons na die beweegredes wat diensplig noodsaak, vra en dit vir 'n oomblik onder oë sien. Die redes kan onder een noemer saamgevat word en dit is die totale aanslag wat deur uiters gedugte vyande op die hele Suider-Afrika in die algemeen, op die Republiek van Suid-Afrika in die besonder en nog meer in die besonder op ons volk, gemaak word. Dat die vyande die versla-wing van die volkere van ons sub-kontinent op die oog het, behoef geen betoog nie. Indien hulle sou slaag, sal die Afrikanervolk en die Nederduitsch Hervormde Kerk ook nie daarvan vrykom nie.

Ons vyande het uit die verlede geleer dat 'n volk nie noodwendig deur 'n militêre neerlaag finaal op sy knieë gebring of gebreek word nie. Hiervan is ons eie volk, die Duitsers en die Japanners voorbeelde. Al drie was militêr totaal verwoes, maar al drie het uit die asse opgestaan en weer gegroei en sterk geword. Daarom word nou deur ons vyande 'n nuwe benadering in oorlogvoering gevolg en dit is 'n sogenaamde totale strategie waarby nie net militêre optrede beoog word nie, maar waarby die politiek-staatkundige, die ekonomiese, die kulturele en die morele en geestelike sektore ook tot aanvalsfronte gemaak word. Bowendien word die militêre aanslag, veral in die aanvangstadium, nie primêr op militêre teikens gerig nie, maar op sagte

teikens wat ook die ongewapende bevolking insluit. Trouens, militêre weerstand by 'n volk wat reeds op die ander terreine verloor het, is uiters gering. Daarom moet ons weet dat die bedreiging nie net militêr van aard is nie, maar beslis ook gerig is op ons skole, ons gesin, ons volksgemeenskap en ons Kerk.

Algemeen word aanvaar dat die militêre sy van die totale aanslag ongeveer twintig persent van die geheel vorm. Dit sou egter 'n fout wees om hierdie twintig persent te minimaliseer asof dit nie van kardinale betekenis sou wees nie. Eenhonderd persent paraatheid is nodig om hierdie vyfde deel van die aanslag die hoof te kan bied. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat ook die diensplig tiges die maksimum en die beste opleiding sal ontvang om voortdurende paraatheid op militêre terrein te ver-seker.

Om die strawwe, maar broodnodige, militêre opleiding gewillig te ondergaan met die oog op absolute paraatheid, behoort ons jongmanne, reeds voor hulle aanmeld vir diensplig, deeglik bewus te wees van die feit dat die aanslag teen ons veel breër is as net die militêre terrein. Hulle moet weet van elke moontlike aanvalsfront vanwaar die vyandelike optrede verwag kan word. Hierin het die kerk wel 'n rol te speel. Natuurlik is dit nie die verantwoordelikheid van die kerk in die algemeen of die Nederduitsch Hervormde Kerk in die besonder, om mense vir 'n militêre stryd paraat te kry nie. Tog is dit beslis waar dat die kerk 'n belangrike positiewe of negatiewe rol kan speel ten opsigte van die bereidheid tot militêre opleiding. Dit geld veral ten opsigte van die diensplig tige wat nie 'n beroepsoldaat is nie. Hy kan deur die houding van die kerk of kerklike ampsdraers en lidmate so beïnvloed word dat hy positief bereid sal wees om militêre diensplig te verrig, of dat hy dit aan die ander kant as 'n soort gevangestraf sal sien of dit selfs sal weier. Uit seker Engelstalige kerke het reeds sterk negatiewe beïnvloeding gekom, wat soms selfs militant van aard is. Ook in die geledere van die Afrikaanse kerke is daar al enkele teoloë en individue wat opmerkings kwytraak, wat onsekerheid kan skep. Dit alles kan wel gevaarlik wees.

As dit vir ons as Nederduitsch Hervormde Kerk wel 'n uitgemaakte saak is dat ons by die saak van diensplig en die persoon van die diensplig tige betrokke behoort te wees, dan sal ons nou, meer as ooit, ons betrokkenheid moet bewys. Dit sal nie net kan bly by die besluite en optrede van amptelike vergaderinge en die kapelane van die Kerk nie. Inteendeel, elke ampsdraer, elke lidmaat en elke Hervormde gesin sal sy verantwoordelikheid en betrokkenheid in die verband moet besef en uitleef.

Vanuit die Kommunistiese strategie is dit 'n belangrike vereiste dat die bevolking vir die terroriste, soos water in 'n visbak vir visse, die lewensruimte moet bied waarbinne hulle kan skuil en vanwaar hulle kan optree. Is ons dit nie ook aan ons weermag in die algemeen en die diensplig tiges in die besonder verskuldig om hulle so te dra nie? Hulle behoort uit ons houding en optrede voortdurend die sekerheid te put dat ons hulle in ons gebede dra, dat ons waardeer wat hulle ook ter wille van ons doen en dat ons ook betrokke is in die totale strategie om ons land en sy mense teen die vyande te verdedig.

Hierby moet ons verder in gedagte hou dat die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n voorstander is van die volkskerkgedagte. Dit vereis van elke ampsdraer en elke lidmaat van die Kerk om mee te werk aan die kerstening en voortdurende hervorming van elke lewensterrein van ons volkslewe na die eise van die Skrif. Daar is dus geen sektor van ons volksbestaan waarvan ons ons kan onttrek asof ons daar geen verantwoordelikheid het nie. Op die wyse kan ons ons *diensplig* verrig met die oog op die tagtig persent nie-militêre weerstand wat van ons gevra word.

Die Kapelaan in die operasionele gebied

deur ds C L vd Berg en ds S J vd Westhuizen

Ds C L vd Berg



Ds S J vd Westhuizen

Die aard en omvang van die anti-rewolusionêre stryd waarin ons die afgelope aantal jare betrokke is, veroorsaak 'n agtergrond van uiteenlopende omstandighede waaronder die kapelaan sy bedieningswerk in die operasionele gebied moet doen.

Omstandighede verander binne 'n oogwenk, soos nou rustige en dan onstuimige ure of selfs oomblikke mekaar kan afwissel en opvolg. Van groot betekenis is die feit dat die kerk deur middel van sy predikante onder genoemde omstandigdhede met die verkondiging van die Woord in breë spektrum teenwoordig kan wees. Hierdie artikel wil poog om aan die leser 'n blik te gee in beide die bedieningsvreugde wat die kapelaan ondervind in die operasionele gebied, sowel as die uiters teleurstellende belewenis van magtelose ontoereikenheid.

Voorwaar 'n vreugdevolle ervaring om onder ons soldate standvastige gelowiges te vind. Opmerklik hoe 'n konfrontasie met die vyand, in die aangesig van die dood, in sommige gevalle geloofsmoed en oortuiging die anker is en bly. Aangrypend om van 'n sterwende soldaat 'n laaste geprewelde woord te hoor wat spreek van vertroue in die God van die Woord. 'n Belewenis om aan soldate van standvastige geloofsvertroue die Woord te kan bedien, veral onder omstandigdhede van gevaar en dreiging. Benewens die roeping en opdrag tot verkondiging moet mens ook erken dat dit 'n aansporing is om te weet dat daar ook by sommige 'n hunkering leef na die tye van Skriflesing, verkondiging en gebed – hier by 'n hoofkwartier en dan verder vir 'n paar

Staf offisiere van die kapelaan-generaal. Van links na regs voor: kpln C W du Plooy, brig C P Naude, genl-maj J A van Zyl, brig T F Dreyer, kol A vd Aardweg. Agter kpln Nellgate, kol J Kemp, kapt M Pretorius, kpln A J Zwarts, kol H D Smith, kol J F Potgieter, kpln J Munnik.

soldate by 'n kanonstelling, vir 'n peleton iewers in 'n tydelike basis, vir 'n seksie uit op patrollie, vir 'n eensame wag in 'n bunker.

Deur die ander sy van die saak te stel, wil hierdie artikel nie afbreuk doen nie. Dit is met groot dank en waardering dat die positiewe wel gekonstateer kan word. Dit is belangrik om in hierdie geval die negatiewe toe te lig sodat elkeen van ons daarteen kan waak.

Operasionele omstandigdhede, veral wat betref 'n lae intensiteitsoorlog, het op mense 'n eienaardige uitwerking. Hier praat ons van die algemene tendens. Hoe baie vrae word daar nie byvoorbeeld oor grensdiens gevra nie? Is dit werklik nodig? My kind was drie maande daar. Hy sê self hy het niks gedoen nie – roetine werkies hier en daar en verder in die son gelê – die dae een vir een afgetel en omgewens. Waarom die grensdiens? Wat maak hulle daar? Sodanige vrae uit vele oorde, by die soldaat self herinneringe van verlange en verveeldheid, onsekerheid en ontwrigtende lewensomstandighede veroorsaak in die algemeen 'n groot mate van teësinnigheid en frustrasie waarmee grensdiens bejeën word – 'n vermorsing van tyd, 'n ongerief en 'n las. Tog kom dit jaarliks so seker soos jou verjaardag en vir sommige meer dikwels: Grens toe.

Teësinnigheid en onsekerheid steek vinniger aan as masels en baie gou word die hele gesin, die familie, die omgewing en die gemeenskap aangetas deur 'n negatiwi-

Hierdie twee predikante was terwyl hulle predikante in Rhodesië (later Zimbabwe) was kapelane in die Rhodesiese leër ds J C vd Merwe en ds F J Boshoff. Hulle is in die Rhodesiese velddrag en het nie verband met die S A Weermag nie. Die foto word egter geplaas om aan te toon dat predikante van die Kerk kapelaansdiens verrig het waar hulle lidmate was.

teit ten opsigte van grensdiens. Sodanige ingesteldheid sneeubal en vergroot en daarmee saam die teësinnigheid en frustrasie by die soldaat wat grensdiens verrig. Die verlange huis toe word al meer en heftiger die gevoel van onnodige strafdiens – 'n strafdiens waarteen sy hele wese en houding protesteer. Om een of ander rede soek hy 'n vergenoegdheid daarin om so vulgêr as moontlik, so onordelik as moontlik, so ydel en sorgeloos as moontlik sy teësinnigheid te openbaar. Miskien is daarin een van die redes geleë waarom die vernis van opvoeding, beskawing en miskien godsdienstigheid dadelik afdop en soos 'n slagvel eenkant lê en verdor, terwyl hy in teësin aangehits word deur allerlei negatiewe vrae en berigte vanaf die huis, familie en kennisse.

Intussen is hy nie in die sorgelose ontspanne atmosfeer van 'n vakansie-oord nie. Hy is in die rustige operasionele gebied van 'n lae-intensiteitsoorlog.

So rustig want hy lê dan die hele tyd in die son en bak. Behalwe miskien die gedreun van 'n militêre voertuig of meer iewers, die gewerskaf in en om 'n basis, die daaglikse bedrywighede van die plaaslike bevolking, 'n paar beeste, donkies, varke en hoenders, sand en stof of reën en modder, gaan daar mos niks aan nie.

So is dit, want hy is in die operasionele gebied van 'n wapengewyse lae intensiteitsoorlog. Die vyand het baie langer tyd as drie maande. Hy hoef maar net een of twee landmyne te plant in drie of ses maande. Hy hoef nou en dan 'n hinderlaag te lê en dan weer weg wees, vir lank miskien. Die vyand wil nie slaags raak en die geveg met die wapen uitspook nie. Hy is nie Goliat die baasvegter wat op en af loop en uitdaag nie. Hy is hoogstens trawant van die slang wat wegkruip en slaap, seil en sluip, loer en pik en vlug, wegkruip en slaap. Buitendien wat die vyand eintlik wil bereik, het hy grotendeels klaar in ons teësinnige, gefrustreerde grensvegter. Hy is ontwrig saam met sy huis en familie, hulle kerm en kla en raak iesegrimmig, hulle kom in verset en steek mekaar aan. Kort voor lank het die vyand 'n teësinnige, gefrustreerde lustelose teiken. Om dit beter te bereik, word ons grensvegter en almal aan hom verbonde so doeltreffend as moontlik deur die vyand gebruik of is dit misbruik. Hy is reeds siek, sat en moeg van niksdoen en almal by die huis weet dit al. Nou moet die paniek 'n bietjie aangeblaas word. Sy mense raak te rustig want hy doen dan niks. Hy of sy maats moet darem 'n slag net die vyand sien of om hulle te herinner dat hy nog daar is, moet hulle miskien net hoor van 'n landmynontploffing of die gevolge sien of dit self aftrap – oorverdowend, paniekaanjaend, verkieslik verminkend. 'n Mortier moet net naby ontplof wat verskroeide bloedspatsels kan agterlaat. Dan weer stil – wegkruip, slaap. Later, heelwat later 'n knetterende hinderlaag. Net om te herinner die stryd gaan nog voort – verkieslik bloed en pyn – twee dood en tien gewond – berigte van rou, angs, smart en verlange, 'n koerantopskrif. Dit is presies wat die vyand wil hê. Hy het weer eens geslaag.

Teësin en frustrasie eskaleer, aan die ekonomie word geknaag, offers word geverg. Die "vernis" is af. Die vyand wag en slaap en loer en lag. Hy is besig om stadig maar seker te slaag. Hou net aan, hits die propaganda van sy baas hom aan. Hulle word moeg, hulle weier al om grensdiens te doen. Hulle verskonings groei aan, hulle frustrasies laai op, hulle drink en vloek en kla al meer. Hoor net hoe kla hulle ouers en vrouens en meisies en kinders.

Wat nou van die kapelaan? Ja, hy is daar. Hy moet ook daar wees. Vir baie is hy soos 'n soort korttermyn versekering. Dit raak soms werklik gevaarlik. Soos sommige dit uitdruk: Om die "coms" (kommunikasie of verbindingslyn) boontoe reg te hou, want sê nou iets loop verkeerd. Daarom word hy deur sommige slegs verdra met sy pretbederwery en kerkdienste. Hy moet vir sommige geredelik beskikbaar wees, veral vir die wat op die trein die meeste gedrink en gevloek het. Geloof is mos vir sommige soos 'n begrafnispolis. As die premie betaal is, is daar iets wat uitgekeer word. As die kapelaan gebid het, is die premie betaal. Nou kan ons kyk wat word uitgekeer, hoe verloop die geveg. Vir sulkes is geloof so iets min of meer soos versekering teen skade. As die gevaar nie naby is nie, is die versekering nie nodig nie. Dan kan die Naam waarin genader word in die gebed ydel gebruik en vertrap word. Dit maak nou nie saak nie, alles is veilig. Die gerusstelling is ook daar, want sodra die gevaar weer nader, kan daar mos weer gebid word. Die premie kan weer betaal word en die polis is hernu. Die "coms" boontoe werk nog.

Dit klink baie negatief, ons weet. Is dit nie ook die stand van sake in die "operasionele gebied" van die kerk nie? Wie is die moedelose vegter, wie is die aanhitser tot teësinnige frustrasie, wie is die afgedopte vulgêre soldaat? 'n Lidmaat van die Kerk uit enige ouerhuis, uit enige gemeente. Sy ouers het selfs vir die kapelaan 'n brief geskryf. Hulle is bekommerd iets het iewers verkeerd geloop, probeer asseblief, moet tog net nie sê ons het gepraat nie, hy sal ons kwalik neem. Die kapelaan praat met hom. Hy het daarvoor ook gulde geleentheid en tyd. Hy reageer, neem deel aan die gesprek. Daar begin iets roer. Hy hoor minstens die Woord. Hy is veilig terug van die grens af. Hy kry naweekpas en gaan huis toe. Boetie is by die huis. Ons het baie om oor te gesels. Ons het hom lank laas gesien. Hierdie naweek sal ons hom trakteer, hom laat slaap solank as hy wil. Ons kon ongelukkig nie saam met hom by die kerk uitkom nie. Ons was te besig. Dominee, iets het verkeerd geloop. Hy het gesê jy het met hom gepraat, baie dankie.

Die kapelaan het 'n opdrag en taak, maar hy behoort nie 'n soort van begrafnispolisverkoper te wees om net 'n gebed te doen voor 'n geveg nie. Nie dat dit nie ook baie belangrik en noodsaaklik is nie. In die operasionele gebied is dit onherroeplik te laat om te katkiseer en te leer om alles te onderhou wat die Heer van die kerk belowe en beveel het om te glo – veral aan 'n teësinnige, moedelose, bekermde, vloekende, huis toe verlangende soldaat, by wie die wil om te dien, wat staan nog te stry, afgekraak is. Iets het verkeerd geloop.

Soos reeds vermeld, wil hierdie artikel nie saamsing in 'n koor van aftakelende, negatiewe teësinnigheid nie. Die doel waarmee dit gedoen is, is juis om tot die positiewe op te roep.

Die kapelaan in die operasionele gebied het nie 'n groter taak as die predikant in die gemeente nie. Net so het die gelowige in die operasionele gebied dieselfde taak as die gelowige tuis. Die omstandighede mag ietwat anders wees, maar die uitlewe van die geloof bly dieselfde. Dit is opmerklik hoe 'n soldaat wat van die huis af met 'n gebruikte Bybel gekom het, nie vergeet om sy Bybel ook in die operasionele gebied te gebruik nie. Hy ondervind dieselfde omstandighede as sy maat. Hy word ook maar deur die vyand vir die gek gehou. Hy moet maar ook wag en sit en lê en miskien niks doen vir dae of maande. Die ontwrigting is vir hom net so groot, die opoffering net so duur, die frustrasie net so fel. Sy skynsel is egter nie 'n "vernis" wat aangeplak is vir 'n geleentheid of omstandighede nie. Sy skynsel is soos die duursame jaarringe van 'n boom wat van binne uitgekring het want dit het stewig gegroei uit 'n dankbare en gehoorsame geloofslewe. Dit dop nie af nie want hoe kan dit?

Hy gebruik ook die Naam van alle name, maar nie ydellik nie. Hy dra sy ouers, geliefdes en dierbares op aan daardie Naam, terwyl hy weet dat hulle hom ook daaraan toevertrou in hulle gebede. Die geloof in God is beslis nie vir hom 'n begrafnispolis nie, maar 'n versekering van die lewe. Erediens, waar ook al, is nie vir hom pretbederwery of blote "coms" waardeur hy dalk lewend anderkant kan uitkom nie. Geloof is vir hom 'n anker van standvastigheid en nie net 'n tydelike oorbrug oor gevaar nie. Iets skemer deur van die verskil tussen gelowig en vreesagtig bang.

Dit is 'n vreugde om aan hierdie soldaat die Woord te bedien. Hy wil die Woord hoor, nie net tot die kontak met die vyand verby is nie. Dit is deel van sy lewe en daarom ook deel van sy dood. Hy weet die verlossing in Christus Jesus is nie 'n blote verskansing teen 'n vyandige koeël of bom nie, maar veel meer. Hy kan sneuwel as dit moet en prewel as laaste woord: "Ek weet ek het nie verloor nie. Ek sterf nie verniet nie."

Die kapelaan in die operasionele gebied kan maar net dieselfde Woord verkondig as elders. Wat wel anders kan wees, is dat elkeen wat dan bekend wil wees as gelowige kerkmens, ook in die ontwrigtende omstandighede van 'n lae-intensiteitsoorlog, sy kerklike meelewing en godsdiensbeoefening sal toets aan die norme van die Skrif. Is dit blote vernis wat maklik afdop, dan sê die Woord mos wat ons daaromtrent behoort te doen. Is dit geloof uit die gehoor van en gehoorsaamheid aan die Woord, dan behoort ontwrigtende, frustrerende, paniekaanjaende of opofferende omstandighede ons nie so die harnas in te jaag dat dit waar mag wees dat die "vernis" afdop en ons teësinnig vloek en skel en kerm en kla nie.

Dan is daar mos 'n saak waarvoor offers gebring kan word. En waar ons dan moet lê en wag en ontbeer en niks doen omdat 'n anti-Christelike vyand in sy bekamping en uitroeiing dit verg, is ons ook selfs in die operasionele gebied lidmate van die Kerk – lidmate deur wie se geloof dit ook vir die vyand duidelik word of ons self glo wat die Woord ons leer – self glo waarvoor ons sê ons bereid is om te veg.

Moet ons nie juis mekaar daarin bemoedig en vermaan sodat dit vir onsself en vir ander, selfs vir die vyand, duidelik kan word dat die kapelaan in die operasionele gebied nie maar slegs 'n soort van gelukbringer is nie. Ons ken die boodskap van die verkondiging en daarom is daardie selfde boodskap die anker en vertroosting in dreiging en gevaar soos ook in veilige voorspoed.

Die taak van die kapelaan in die operasionele gebied is dus niks anders nie as om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk waardeur die Naam van die Here in hulle lewe en in hulle sterwe verheerlik en grootgemaak word.

Dit is bedieningsvreugde om voor 'n geveg vir 'n oomblik of twee as kapelaan voor 'n groep soldate te kan staan om hulle met 'n Skrifwoord te bemoedig en hulle, sowel as die saak waarvoor hulle die geveg betree, te kan opdra aan die wil van die bekende God wat Hom deur Jesus Christus as oorwinnaar bekend kom maak het.

Geloofs- en gewetensbesware teen diensplig

deur dr J H Koekemoer

1. ALGEMENE OPMERKINGS

Militêre diensplig is in Suid-Afrika vandag nie 'n vreemde verskynsel nie. Op een of ander stadium van sy lewe maak elke jongman daarmee kennis. Nou gebeur dit van tyd tot tyd dat daar manne kom wat sekere geloofs- of gewetensbesware teen diensplig na vore bring. Daar is ook groepe mense wat altyd weer besware teen diensplig opper. Hierdie is ewe-eens nie 'n vreemde of nuwe verskynsel nie.

By die vroeë Christene het ons op een of ander wyse al met 'n passifistiese standpunt oor diensplig te doen gekry. Die besware van die Christene in daardie tyd het hoofsaaklik daarop neergekom dat daar onmenslike wreedhede tydens militêre diensplig plaasgevind het en dat onnodige bloedvergieting tydens oorloë aan die orde van die dag was. Verder het daar 'n godsdienstige verering van die keiser plaasgevind wat uiteraard vir die Christene onaanvaarbaar was.

Hierdie toedrag van sake het daartoe gelei dat 'n toestand later ontstaan het waar Christene nie oorlog wou maak nie, maar waar heidene wel oorlog gemaak het. Dit het gelei tot 'n soort dubbele moraal. Heidense soldate veg om die lewe selfs vir Christene ordelik te laat verloop en Christene weier om te veg. So 'n dubbele moraal kon uiteraard nie standhou nie. Dit is immers ook nie verdedigbaar nie.

Daarom het die kerkvader Eusebius (165–339) byvoorbeeld 'n poging aangewend om 'n verandering in die saak teweeg te bring. Hy het die standpunt verdedig dat Christene wel kan veg op voorwaarde dat dit dan 'n regverdige oorlog moes wees. Ook Augustinus (354–430) het die standpunt gehuldig dat Christene soms verplig is om aan oorloë deel te neem. Dit is derhalwe duidelik dat die saak onder Christene en teoloë van die vroegste tye af onder diskussie was.

2. ONS HUIDIGE SITUASIE

Wanneer ons nou na ons land se situasie kyk en die besware wat mense hier teen diensplig opper, moet ons die volgende sake duidelik na vore bring:

- Daar is in Suid-Afrika magte aan die werk wat die orde en rus in die land wil versteur. Dat hierdie magte mense ook sal probeer intimideer om besware teen diensplig te opper, is nie buite rekening te laat nie. Hiermee word nie gesê dat alle besware so geïnisieer word nie, maar die feit sal wel deeglik in gedagte gehou moet word. Die owerheid het ook hier 'n taak om rus en orde in die land te verseker

Ontvangs ds A J Zwarts Mei 1980 op Voortrekkerhoogte.

en die kerk verwag dit ook van die owerheid omdat hy sy werk maklik kan doen waar rus en orde heers. Daarom sal die kerk uiteraard nie daarteen beswaar kan maak as die owerheid sy onderdane oproep om hierdie rus en orde te bestendig nie. Om dit reg te kry, vra die owerheid nou ook van sy onderdane om militêre diensplig te verrig. Dit is net hier waar mense dan met hulle besware teen diensplig na vore tree.

- Een groep beskou die staat as iets uit die bose. Om hierdie rede sê hulle mag 'n mens ook nie aan die owerheid onderdanig wees nie.

Hierteenoor moet die kerk egter daarop wys dat die owerheid volgens die Bybel 'n instelling van God is. Hy het die swaard ontvang om wet en orde te handhaaf en om reg en geregtigheid te bevorder (Rom 13). In artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis bely onder andere die Nederduitsch Hervormde Kerk dit ook baie duidelik. "Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede aangestel het; want dit is sy wil dat die wêreld geregeer moet word deur middel van wette en regerings, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop."

In ons land is daar ook passifiste wat sê dat alle oorlog geweld is en dat hulle alle vorms van geweld verwerp. Oorlog is vir hulle moord, al is dit dan ook gewettigde moord. Die owerheid wat derhalwe mense oproep om oorlog te maak, doen verkeerd en daarom het hulle besware teen diensplig. Hier moet in gedagte gehou word dat die owerheid eenmaal geroep is om rus en orde te handhaaf en reg en geregtigheid te laat seëvier. As daar nou magte is wat chaos en anargie wil saai, dan is die owerheid eenmaal geroep om hulle teen te staan. Hy dra die swaard immers nie verniet nie. Wat meer is, die onderdane wat die rus en vrede wil geniet, moet help om dit te kry en in stand te hou. Jy kan mos nie van sekere mense vra om te sorg vir rus en vrede sodat ander dit net kan geniet nie. Wat sou dit anders as 'n dubbele moraal wees? Een stel reëls vir sekere mense en 'n ander stel reëls vir ander mense.

Die hoofdogter van die Hoërskool Lydenburg oorhandig 'n tjek aan brig T F Dreyer vir die aankoop van Bybels vir elke jongman van die hoërskool wat diensplig doen.

- Daar is verder ook mense wat beweer dat die Suid-Afrikaanse regering onwettig is omdat dit nie deur die meerderheid van die bevolking verkies is nie. Die Suid-Afrikaanse sisteem en regeringstruktuur word as onbybels en onchristelik gesien en daarom mag 'n mens nie meehelp om dit te verkondig nie.

  Volgens my oordeel is hierdie 'n baie eensydig beskuldiging wat nie met die volle werklikheid rekening hou nie. Hier is eenmaal 'n owerheid aan bewind wat die orde moet handhaaf. Hierdie owerheid het hom verder ook verbind om tot heil van alle mense op te tree "sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid" (1 Tim 2:2). Die beleid wat hierdie regering die afgelope jare toepas, het verder geblyk in die Suid-Afrikaanse situasie, 'n uitvoerbare alternatief te bied vir dreigende politieke chaos, ekonomiese verval en sosiale ontwrigting. Dit het Suid-Afrika ook reeds by meer as een geleentheid in staat gestel om 'n helpende hand te reik aan buurstate in Afrika wat in die greep van sodanige chaos, verval en ontwrigting verkeer. Die beleid kan daarom beoordeel word as die beste wyse om in die Suid-Afrikaanse situasie geregtigheid aan alle mense te laat geskied. Daarom kan mense opgeroep word om hieraan mee te werk.

  Om hierdie rede kan 'n mens ook 'n beroep op mense en instansies om die owerheid te steun in die handhawing van 'n ordelike samelewing, ondersteun. Dit lyk of 'n gesindheid wat die owerheid as onwettig en onverdedigbaar beskou, nie rekening hou met die komplekse samehang en die groot menigte faktore wat bydra tot die langtermyn vryheid, veiligheid en geluk van alle mense in die hede en in die toekoms nie.
- Die Suid-Afrikaanse gemeenskap word deur sommige mense as 'n onregverdige gemeenskap gebrandmerk en veroordeel. Die Suid-Afrikaanse gemeenskap word as immoreel en goddeloos voorgestel. Volgens hierdie argument het ons met 'n minderheidsregering te doen wat bepaalde wette gemaak het en strukture geskep

Dr S J Botha besig met 'n lesing vir diensplichtiges.

het om sy eie posisie te beveilig. Hierdie strukture het verder die gevolg dat sommige mense bevoordeel en ander se menslikheid ontneem word. Sulke strukture kan nie verbeter word nie, maar moet afgebreek word sodat 'n regverdige bestel vir almal daargestel kan word. Daarom kan mense ook nie opgeroep word om die bestel te verdedig nie.

Niemand het nog ooit ontken dat daar in ons gemeenskap ook gebreke voorkom nie. Ons leef immers in 'n gebroke wêreld wat impliseer dat daar in elke gemeenskap gebreke sal voorkom. Die af- of aanwesigheid van geregtigheid is dus nie soseer in strukture as in die harte en optrede van mense gesetel nie. Dit kan wel gebeur dat daar ongeregtigheid in 'n gemeenskap voorkom. Dan kan die optrede egter nie wees om te weier om vir rus en orde te veg nie. Die kerk sal eerder dan daartoe moet kom om deur sy barmhartigheidsdiens hulp aan ellendiges en behoeftiges te betoon, vreesloos teen onreg te getuig en die onregdraers met die eis van bekering te konfronteer.

Ook in hierdie opsig bly dit die taak van elke owerheid om sorg te dra dat die hoogste mate van reg, geregtigheid en billikheid in elke gemeenskap sal leef. In geen gemeenskap in 'n sondige en gebroke wêreld is die taak ooit afgehendel nie. Elke owerheid is in die uitvoering van die taak ook altyd weer kwesbaar vir oningeligte foutvinders. Dat die owerheid in Suid-Afrika, met sy onvergelyklike rasse- kulturele- en volkeresituasie en die onafwendbare ekonomiese en politieke implikasies daarvan, 'n moeilike taak het, is gewis. Wie in die opsig diensplig weier het daarom nie al die gegewens gekyk nie.

3. SLOTOPMERKINGS

In die geheel gesien, moet ons sê dat geloofs- en gewetensbesware wat teen 'n bepaalde party-politieke beleid gerig is, en op grond hiervan diensplig weiering voorstaan, nie aanvaar kan word nie.

'n Beroep moet eerder op almal gedoen word om ernstig te dink waarom dit gaan, wat op die spel is, wat ingeboet kan word en wat in die plek daarvan kan kom. Die weg van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis behoort eerder gevolg te word. "Elkeen, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, is verplig om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle mag bestuur in al hulle handelinge en sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid."

Alternatiewe diensplig

deur ds P P Jooste

1. INLEIDING

Die huidige situasie waarin die RSA hom bevind, het 'n toenemende bespreking rondom geloofsbesware teen militêre diensplig en verskillende aanverwante sake, waaronder ook alternatiewe diensplig, na vore laat kom. Dit is die totale rewolusionêre oorlog (as bedreiging van die vrede in Suidelike Afrika) wat die vraagstuk op die voorgrond gedwing het.

In die verset teen die nasionale verdedigingspoging, sy dit nou deur dienspligweiering of deur die bepleiting van 'n alternatiewe stelsel, is dit ontstellend dat die voorstanders van verset nie altyd hulle aansprake op suiwer godsdienstige gronde fundeer nie, maar 'n instrument van politieke weerstand teen die owerheid daarvan maak, of dit misbruik as 'n middel ter ontduiking van hulle verantwoordelikheid.

In die lig van die huidige ontwikkeling van die probleem in ons land, het dit inderdaad noodsaaklik geword om nou, terwyl hierdie stroming nog relatief in sy kinderskoene staan, ons lidmate toe te rus ter verdediging van 'n saak wat ons glo reg en geregverdig is.

Die feit dat 'n alternatiewe stelsel van diensplig, om verskeie redes deur kerke, kerklike vergaderings en ander "geestelike" organisasies bepleit word, dwing ons om na die saak te kyk in die lig van die Bybel, sodat ons lidmate toegerus kan word. Dit is noodsaaklik dat die kerklidmaat kennis neem van hierdie saak, dat hy dit sal verstaan en onthou, om sodoende gebalanseerde afleidings te maak en 'n positiewe benadering te hê ten opsigte van landsverdediging.

2. HEERSENDE TERMINOLOGIE

Die kampvegters vir die daarstelling van 'n alternatiewe dienspligstelsel en dienspligweieraars loop myns insiens hand aan hand om 'n gemeenskaplike doel te bereik: Die omverwerping van die bestaande orde in die RSA. Ek wil die heersende teminologie kortliks aanstip, sodat ons begrip kan kry van die veelsydigheid van die vraagstuk.

2.1 *Pasifisme* word omskryf as elke georganiseerde strewe na die uitbanning van oorlog. Twee hoofgroepe kan hier onderskei word:

(a) *Totale pasifiste* wat op beginselgronde alle oorlog en geweld en dus alle vorme van deelname daaraan of bevordering daarvan verwerp (Jehova Getuies).

(b) *Selektiewe pasifisme* of soos hulle tereg geneem word: *selektiewe militariste* is nie teen alle oorloë en alle vorme van diensplig gekant nie, maar alleen teen 'n bepaalde oorlog en weier om diensplig te verrig vir dié bepaalde oorlog. (Vergelyk hier sommige Amerikaners wat nie aan die Viëtnamese oorlog wou deelneem nie.)

2.2 *Militarisme* kan omskryf word as die teorie wat die beveiliging van die volk en staat die beste verseker deur die instandhouding van 'n gewapende mag en die voorbereiding vir oorlog. Dit word ook toegereken aan 'n persoon wat bereid is om militêre mag aan te wend vir 'n verdedigingsrol.

2.3 *Gewetensbeswaarde ("Conscientious Objector")* is iemand wat hom op die gewete beroep vir weiering om militêre diens te verrig. Die redes wat aangevoer word, kan óf godsdienstig van aard wees, óf etiese redes, wat 'n persoonlike of godsdienstige grondslag het; 'n persoonlike rede, wat geestelik of sielkundig van aard is, of selfs van politiese oorsprong.

2.4 *Nasionale diensplig* "National Service" beteken binne die Engelse kultuurpatroon die lewer van *enige* nasionale diens, soos bepaal deur die owerheid, onder andere ook militêre diens. Die Engelse benadering maak dus voorsiening vir alternatiewe diens buite weermagsverband maar binne staatsverband.

In die Afrikaanse kultuurpatroon beteken nasionale diensplig uitsluitlik *net* militêre diens. Ons landswette bepaal dat alle landsburgers verplig is om militêre diens te verrig in die jaar waarin hulle 18 jaar oud word.

Wat is diensplig? Dit is 'n stelsel wat deur die wetgewer daargestel is om te verseker dat elke medies-geskikte landsburger militêr opgelei is om in tye van onrus en onsekerheid sy beskeie plek in die verdediging van die land vol te staan.

2.5 *Alternatiewe diensplig.* Ons landswette maak geen voorsiening vir alternatiewe diensplig nie. Daar word slegs voorsiening gemaak vir diegene wat weens godsdienstige of ander oortuigings net bereid is om in 'n nie-gevegseenheid binne die weermag diensplig te lewer, byvoorbeeld in die mediese korps. Alle burgers is dus verplig om nasionale diensplig te verrig binne die raamwerk van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Wat is alternatiewe diensplig? Dit is 'n stelsel wat in sommige Europese en Westerse lande geïmplementeer word om voorsiening te maak vir die aanwending van gewetensbewaardes in gemeenskapsontwikkelingsprojekte, met ander woorde nasionale diensplig van nie-militêre aard.

Met bogenoemde gedagte, kan die volgende terme rondom gewetensbesware beter begryp word:

2.6 *"Conscientious Non-Militarist"* verwerp alle militêre optredes en is basies teen die aanwending van enige militêre mag. Diesulkes is egter bereid om nasionale diensplig van nie-militêre aard, óf binne die weermag, óf in 'n staatsinstansie te verrig. Die benadering sluit egter in dat so 'n persoon mag weier om enige uitrusting of uniformstuk te gebruik, aangesien dit die oorlogspoging mag bevorder.

2.7 *"Conscientious Non-Conscriptive"*. Hierdie beskouing is gerig teen 'n bepaalde stelsel van militêre diens of enige verpligte owerheidsdiens. Hierdie standpunt sluit nie militêre optrede of militêre opleiding uit nie, maar beroep hom op die vryheid van die individu om te beslis of hy wil deelneem of nie.

Hierdie standpunt is gerig teen die dwang in die dienspligstelsel.

2.8 *"Conscientious Non-Combatant"*. Die standpunt sluit in die bereidwilligheid om diensplig te verrig, maar met die voorbehoud dat dit in 'n nie-vegtende hoedanigheid sal wees, soos bepaal deur die Geneefse Konvensie. Sommige is egter bereid om in enige nie-vegtende hoedanigheid diens te verrig.

3. DIE PROPAGERING VAN 'N ALTERNATIEWE DIENSPLIGSTELSEL IN DIE RSA

Die bepleiting van die daarstelling van 'n alternatiewe diensplig-stelsel in die RSA ontstaan uit 'n groot verskeidenheid grondmotiewe en oorwegings waarvan baie nie ter goedertrou is nie. Die aandrang in die RSA, hoofsaaklik van die kant van Engelse kerke op die instelling van 'n alternatiewe vorm van diensplig, is deurgaans gebaseer op die argument dat lidmate op grond van Christelike oortuigings, die Republiek se binnelandse samelewings-opset met reg "as moreel onverdedigbaar kan beskou" ("Unjust Society"), en dat die Suid-Afrikaanse Weermag in 'n "onregverdige oorlog" ("Unjust War") betrokke is.

Tydens die nasionale kongres van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) (1–3 Aug 1974) word 'n ongeskeduleerde mosie, ingedien deur eerwaarde Bax, Presbiteriaanse predikant van Grahamstad, en gesekondeer deur mnr Beyers Naude van die Christelike Instituut (CI), aanvaar. 'n Verkorte weergawe van hierdie resolusie lui soos volg: "Die kongres erken en bely God as Verlosser van Israel en daarom ook as Verlosser van almal wat onderdruk word. Gehoorsaamheid mag aan God alleen betoon word en geen regering wat nie regeer as dienskneg van God nie, het die reg om gehoorsaamheid van enige mens te eis nie."

In 1977 reik die SAKBK (Suider-Afrikaanse Katolieke Biskopkonferensie) 'n verklaring uit wat prakties neerkom op dieselfde gevolgtrekkings as die van 1974 SARK-resolusie, naamlik dat elke individu die reg tot gewetensbeswaar het in omstandighede waaronder hy van mening is dat die oorlog onregverdig is, en dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n alternatiewe nie-militêre vorm van diensplig. Hierdie verklaring kry steun vanuit die geledere van onder andere die CI, die Anglikaanse Kerk en die Metodiste Kerk.

In Mei 1978 reik aartsbiskop Bill Burnett 'n verklaring uit wat onder meer lui: "The society we have created for ourselves is morally indefensible", en "we sympathise with those who in conscience believe that it is an act of disobedience to God to be part of the military structure of this country". Burnett sê dat hy al verskeie kere 'n beroep op die regering gedoen het om die instelling van 'n nie-militêre vorm van diensplig.

In 1978 stuur aartsbiskop Burnet elf pamflette uit aan alle lede van die PSC (Provincial Standing Committee van die Anglikaanse Kerk). Hierdie pamflette is opgestel deur dr James Moulder op versoek van die PSC. Moulder onderskei 3 groepe gewetensbeswaardes soos uiteengesit in 2.6, 2.7 en 2.8 hierbo.

Die Anglikaanse Kerk steun die standpunt van die SARK met betrekking tot die "onregverdige saak" en "onregverdige gemeenskap". Die Anglikaanse Kerk glo dat die Christen wel die wapen mag opneem as dit gaan om deelneem aan die sogenoemde regverdige oorlog. Gewetensbeswaardes behoort volgens die verklaring van gewetensbeswaar (April 1977) nie diensplig te doen nie, en 'n beroep word op die regering gedoen om voorsiening te maak vir alternatiewe vorme van nie-militêre diensplig, dit wil sê nie net in nie-gevegseenhede *binne* die weermag soos tans die geval is nie.

Die houding van die "Conscientious Non-Combatant" word verder Skriftuurlik verdedig, naamlik "hulle is nie lafaards nie, probeer nie die pligte van burgerskap ontduik nie en is ook nie inkonsekwent nie. Hulle is nie pasifiste nie, maar weier slegs om opgelei te word om mense dood te maak." Romeine 13 leer volgens Moulder nie dat die owerheid ten alle koste gehoorsaam moet word nie. Die beginsel bly dat ons God meer moet gehoorsaam as die mense.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die Engelse kerkowerheid 'n alternatiewe diensplig-stelsel bepleit om gewetensbeswaardes die geleentheid te gee om so hulle diens te kan lewer. Hulle moet dus toegelaat word om nie-militêre diens te lewer wat nie bloot neerkom op ondersteuning van die regeringsbeleid nie.

4. REGVERDIGE OF ONREGVERDIGE OORLOG WAT DEUR ONS OWERHEID GEVOER WORD?

Augustinus (354–430) was waarskynlik die eerste teoloog wat die begrip van 'n "bellum justum" (regverdige oorlog) gebruik het.

Hy stel die volgende voorwaardes:

(i) Slegs 'n wettige owerheid mag oorlog maak.
(ii) Daar moet 'n wettige, dit wil sê regverdige oorsaak wees.
(iii) Daar moet 'n regte motief aanwesig wees.

Luther (1483–1546) stel die volgende:

(i) 'n Regverdige verdedigingsoorlog, nadat alle moontlike oorlogpleging misluk het, is aanvaarbaar.
(ii) 'n Aanvalsoorlog is nie aanvaarbaar nie.
(iii) Oorlog op grond van magsbegeerte, landhonger, oorbevolking of ander ekonomiese motiewe, wys hy van die hand.
(iv) In 'n klaarblyklike onregverdige oorlog moet Christene God meer gehoorsaam wees en nie veg of militêre diens doen nie.
(v) Wanneer egter nie uitgemaak kan word of die owerheid onregverdig optree of nie, moet die onderdane die owerheid gehoorsaam; wel nie as Christene nie, maar as gehoorsame burgers. Hy het dan ook die Boere-opstand van 1525 veroordeel.
(vi) Luther maak die voorafgaande opmerkings omdat, volgens hom, die swaard-mag deur God ingestel is om boosdoeners te straf, vrouens te beskerm en vrede te handhaaf.

Calvyn (1509–1564) stel onder andere die volgende: Normaalweg is 'n vrome gesindheid tot die uiterste toe aan owerhede verskuldig – selfs die allerslegste tiran moet gehoorsaam word. Maar die gelowige is God meer gehoorsaam as die owerheid.

Die mees algemene opvatting is dat 'n verdedigingsoorlog geregverdig is. Wanneer 'n land aangeval word, dan mag en moet hy homself verdedig en dit is die plig van elke Christen om hiermee te help. Dikwels word 'n land egter gedwing om tot die aanval oor te gaan en selfs om homself te verdedig deur 'n aanval op sy vyand. Sodoende word die matelose weë en smarte, wat oorlog vir 'n land meebring, afgewend.

Op die oomblik is ons in 'n totale rewolusionêre oorlog, wat die vrede bedreig, gewikkel. In die huidige situasie kan geen Christen daaraan twyfel dat hy binnelands moet help om wet en orde te handhaaf en op ons grense die land moet verdedig nie. Verder hoef geen Christen daaraan te twyfel dat die regering van die R.S.A. optree as 'n instrument in die hand van God om die kwaad in al sy vorms te beveg nie. Volgens

Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis glo ons dat God owerhede ingestel het om die kwaad te beveg en orde te handhaaf; verder: om te sorg dat die kerk en godsdiens bevorder word. Omdat ons glo dat die staat bogenoemde verpligtinge van Godsweë het, bely ons dat ons ook 'n plig teenoor die staat het, naamlik om ons aan die owerheid te onderwerp en hulle gehoorsaam te wees in alles wat nie stry met die Woord van God nie. Die Bybel sê egter uitdruklik dat ons God meer moet gehoorsaam as die mense en daarom moet die optrede van enige owerheid gemeet word aan die Bybel se waarhede.

Wanneer ons nou ons regering se optrede aan die Skrifbeginsels meet, sien ons dat die oorlog wat ons tans voer, nie gemik is op die verdediging van 'n onregverdige gemeenskap nie, maar eerder op die handhawing van reg en geregtigheid en die soeke na vrede as hoogste prioriteit. Om hierdie rede kan niemand daaraan twyfel dat ons 'n geregverdigde oorlog voer nie. Die doel is goed. Dit is nie 'n stryd tussen wit en swart nie, maar 'n stryd teen 'n ateïstiese, God-lose ideologie, naamlik die Kommunisme, wat daarop uit is om die wêreld te oorheers en wat self verklaar het dat die Christelike godsdiens die grootste enkele struikelblok op sy pad na wêreldoorheersing is.

Aan diegene wat ons jongmense ontmoedig om militêre diens te doen en wat pleit vir die instelling van alternatiewe diensplig op grond daarvan dat die R.S.A. in 'n "onregverdige oorlog" betrokke is, wil ons net dit vra: Indien jou beginsels of jou redenasie jou aan dieselfde kant as die ateïstiese Kommunisme laat beland, het dit nie hoog tyd geword om weer 'n slag ernstig na jou beginsels of redenasies te kyk nie?

5. IS DIE RSA SE BINNELANDSE OPSET MOREEL VERDEDIGBAAR?

Bepleiters van 'n alternatiewe diensplig stelsel slinger dikwels die beskuldiging voor die kop van die Suid Afrikaanse Weermag dat hy die onregverdige, onderdrukkende en immorele regering en al sy verkeerde maatreëls verdedig. Hierdie neerslag wat tans by die onderskeie Engelse Kerkowerhede aangetref word, het sy oorsprong in die hedendaagse sosialistiese en kommunistiese rewolusionêre bewegings se idee van geregtigheid.

Die Bybelse geregtigheid is die geregtigheid van die sondaar, wie se skuld deur die kruisdood van Christus betaal is en het absoluut niks te make met "een mens een stem" nie.

In die algemeen sou 'n mens kan sê dat 'n regverdige gemeenskap daar bestaan waar aan elke landsbewoner voorregte gegun word wat hom in staat stel om sy goddelike roeping as mens te kan uitvoer. Hierdie roeping van God is om dankbaar te wees teenoor God. Dit sluit in dat 'n mens volgens die wet van God moet leef in liefde teenoor God en jou naaste, maar dit impliseer nié dat jy jou naaste moet voorgaan om rewolusie te stig om sodoende die bestaande orde omver te werp nie.

Geregtigheid het konkreet te doen met die mens se voorreg om te kan lewe, die voorreg om die evangelie te hoor en sy godsdiens te beoefen, die voorreg om te kan werk en eiendom te hê en om te kan ontwikkel na liggaam en gees. Beoordeel in die lig hiervan, kan niemand met reg beweer dat die RSA se binnelandse samelewingsopset onverdedigbaar is nie. Natuurlik is dit nie 'n volmaakte samelewing nie, maar daar is talle bewys dat knelpunte met die nodige erns en opregtheid verwyder word, en daarvoor is die samewerking van die hele bevolking nodig. Selfs die allerskerpste kritici kan nie op goeie gronde beweer dat ons gemeenskap van so 'n aard is, dat 'n

sinvolle lewe nie meer, of nog nooit, moontlik is of was nie. Huiwering om ons gemeenskap militêr te verdedig, sou neerkom op pligsversaking.

Diegene wat beweer dat ons binnelandse samelewingsopset moreel onverdedigbaar is, moet dit met hulle gewetes uitmaak hoe hulle as Christene die anti-Christelike Kommunisme kan steun en die afgryslikste dade van terrorisme kan goedpraat. En indien diesulkes beweer dat die "vryheidstryd" van swart nasionaliste aangeblaas word deur die huidige "onregverdige" bedeling in die RSA en die teenwoordigheid van Suid-Afrikaanse soldate op ons grense, dan wil ons vir hulle vra: Het die "bevrydes" in Mosambiek en Angola en Zimbabwe, nadat die "onderdrukkers" daar uit is, 'n beter, regverdiger bedeling waarin die "bevryde" 'n beter, menswaardiger bestaan kan voer? Of is die teendeel eerder waar? In genoemde lande het daar nie 'n regverdiger gemeenskap tot stand gekom nie, maar die omverwerping van die bestaande orde in daardie lande het eerder verhongering en ellende meegebring.

6. AFRIKAANSE KERKE SE BESKOUING

Die Afrikaanse volkskultuur is basies gefundeer in die Calvinisme. Die Calvinistiese beskouing sluit die volgende komponente met betrekking tot pasifisme in:

(a) Die onderwerping aan die Godgestelde owerheid is plig.
(b) Die onderwerping aan hierdie gesag het 'n bepaalde grens, wanneer dit in botsing kom met die wet van God.
(c) Die erkenning van deelname aan 'n regverdige oorlog as verdedigingsoorlog.

Die Calvinisme sien onder andere as hoogste doel van oorlog: die handhawing van reg en geregtigheid en die soeke na vrede as die hoogste prioriteit.

Die Afrikaner tree op binne die raamwerk van hierdie kultuurstroming en ons vind binne ons kerke 'n standpunt van militarisme. Hierbenewens het die Afrikaner-geskiedenis 'n deurlopende draad van stryd om voortbestaan en om reg en geregtigheid teenoor die volk as volk van God.

7. GEVOLGTREKKINGS

(a) Die stelsel van nasionale diensplig is in die lig van die heersende bedreiging teen die RSA 'n wesentlike element ter versekering van die voortbestaan van die Suid-Afrikaanse samelewing (wit en swart) en dit moet verhoed word dat dit om enige rede afgewater word deur die daarstelling van 'n alternatiewe stelsel.
(b) Die verskynsel van 'n godsdienstig gemotiveerde beswaar teen deelname aan oorlog is nie 'n algemene verskynsel in die SA samelewing nie. Die standpunt van die Engelse kerk owerheid (soos hierbo uiteengesit) weerspieël nie die standpunt van die Engelse kerklidmaat nie. Die heersende gemeenskapsopvatting kan inderdaad nie vertolk word as geneë tot ingrypende toegewings aan diegene wat weier om deel te hê aan die verdedigingspoging van die land nie.

Waar die RSA voortdurend betrokke is in 'n stryd teen terroriste, vereis die gemeenskap 'n aktiewe deelname deur elke landsburger aan die verdedigingspoging.
(c) Die situasie in ons vaderland laat geen ruimte aan die individu om op 'n willekeurige wyse aan die staat voor te skryf op welke wyse hy aan die verdedigingspoging wil deelneem nie. Die regerende party bly die inisiatief behou ten opsigte van diensplig.
(d) 'n Persoon mag nie deur enige sisteem wat daarop gemik is om 'n alternatief vir die bona fide godsdienstige beswaardes daar te stel, bevoordeel word in so 'n

mate dat hy hom in 'n beter posisie as die militêre diensplig tige bevind nie.

(e) Politieke agitators met politieke argumente en lafhartige ontduikers moet nie voorsien word van 'n kanaal vir wettige manipulasie van die sisteem ter bevoordeling van 'n oogmerk of van hulleself nie.

(f) Die gemeenskap van die RSA gee wel erkenning aan godsdienstige standpunte, gegrond op die beginsel van godsdiensvryheid wat in ons grondwet erken word. Owerheidsoptrede wat bereken is om bona fide godsdienstige diensweieraars in 'n alternatiewe stelsel te akkomodeer, moet so 'n proses met nougesette diskresie uitwerk. Individue moet nie oor die algemeen met reg tot gewetensbeswaar beklee word nie. Individue moet hoogstens administratiewelik tegemoet gekom word indien bevind word dat hulle beswaar ter goedertrou is.

(g) Dit lyk wel moontlik om differensiasie binne die een diensplig stelsel daar te stel. Sover moontlik kan daar dan rekening gehou word met die kwalifikasies van die dienspligtige en kan hy gebruik word in 'n vertakking van die opleiding waar hy die beste benut kan word.

(h) Dit blyk asof die wa telkens deur politieke agitators ingespan word met die ope uitnodiging aan geestelikes, liberaliste, lafaards en pasifiste om hierdie wa verder te trek. Vir die RSA met sy verhoudingsprobleme, komplekse politieke situasie en omstrede stand in internasionale verhoudings, kan hierdie saak 'n ongewenste addisionele probleem skep indien dit nie met 'n streng, dog regverdige hand in bedwang gehou word nie. Dit vereis by implikasie 'n konsekwente beleid, wat nie alleen daarop gemik moet wees om groepe tevrede te stel of strominge te stuit nie, maar om in die lig van die individu se ware motief, aan hom 'n gunstige oor te verleen of die rug toe te keer.

Vroeër predikante van ons Kerk – Teologiese dosente – Vergeet hulle nie! –

Prof dr PJ Muller was eers predikant in die Nederlandse Hervormde Kerk in Steenwijkerwold 1879, Wolsum 1882, Nijmegen 1884 en Rotterdam 1888. Hy word hoogleraar in Amsterdam 1890 en gaan na Haarlem 1896 vanwaar hy in 1904 'n beroep na Pretoria aanvaar. Hy begin om predikante vir die Kerk op te lei – di JJ Prinsloo, JH Kühn en HCM Fourie. In 1909 emeriteer hy – oorlede 1922.





Prof dr JHJ Greyvenstein word in 1911 predikant in die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Sutherland, maar neem in 1914 'n beroep aan na die Ned Hervormde Gemeente Pretoria. In 1917 word hy eerste voltydse hoogleraar van die Kerk en begin die teologiese fakulteit by die ou TUK wat later die Universiteit van Pretoria word. Hy aanvaar in 1945 emeritaat en is op 15 November 1967 oorlede.

Prof dr SP Engelbrecht word op 29 Mei 1921 tot predikant van die Kerk georden, maar was nooit as predikant aan 'n gemeente verbonde nie want dieselfde jaar word hy tweede voltydse hoogleraar van die Kerk tot 1956 toe hy emeriteer. Daarna word hy voltydse Argivaris van die Kerk en word grondlegger van die Kerkargief en die SP Engelbrecht Museum totdat hy in 1967 finaal aftree. Op 20 Augustus 1970 is hy oorlede.





Prof dr B Gemser was eers predikant in Lutjegast Nederland voordat hy na Suid-Afrika verhuis om in 1926 hoogleraar in die teologiese fakulteit by die Universiteit van Pretoria te word. Hy beklee die pos tot 1955 toe hy emeriteer en terug is na Nederland waar hy op 15 November 1962 oorlede is.

Prof dr ES Mulder word op 30 Mei 1930 in Zwartruggens tot predikant van die Kerk georden en dien vervolgens in Bronkhorstspruit 1931, Springs 1944, Pretoria 1949 en Pretoria-Oos 1952 met die afstigting van die gemeente. In 1956 word hy hoogleraar as opvolger van professor Gemser tot 1970 toe hy emeritaat aanvaar. Op 5 November 1974 is hy oorlede.

Prof dr HP Wolmarans is in 1922 te Zeerust tot predikant van die Kerk georden. In 1927 aanvaar hy 'n beroep na Pietersburg en in 1937 na Boksburg. Reeds vanaf 1935 was hy deeltyds lektor in die teologiese fakulteit Universiteit van Pretoria, waar hy in 1938 hoogleraar word tot 1958 toe hy geëmeriteer het. In 1960 aanvaar hy weer 'n beroep as predikant van Johannesburg-Suid. In 1961 word hy weer na die lesingsaal geroep as dosent vir die gesamentlike opleiding van leraars van die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika. In 1966 tree hy 'n tweede keer uit, maar net om in 1968 weer 'n beroep te aanvaar en nou na die kombinasie van Warmelo/Dendron/Vivo tot 1970 toe hy die laaste keer uittree. Op 29 Desember 1980 is hy oorlede.



Prof dr SPJJ van Rensburg word op 5 Augustus 1932 in Eendrachtgemeente tot predikant van die Kerk georden en neem daarna beroepe aan na Randpoort 1942, Potchefstroom 1947, Potchefstroom-Noord 1948 toe die gemeente afstig, en Pretoria 1950. In 1963 word hy hoogleraar in die teologiese fakulteit van die Universiteit van Pretoria tot 1972 toe hy emeriteer. Hy is op 26 Augustus 1974 oorlede.



Ds JG du Plessis is op 24 Januarie 1960 in Trichardsfonteingemeente tot predikant van die Kerk georden. In 1967 word hy eerste voltydse dosent van die Kerk by die Stofbergse Teologiese Skool tot 28 Augustus 1968 toe hy in 'n motorongeluk oorlede is.

Fragmentariese Skets

H P WOLMARANS

Hendrik Petrus Wolmarans was die tweede oudste seun van 'n gesin van agt kinders, vier seuns en vier dogters – almal gebore uit die huwelik van DGS Wolmarans, jongste broer van die bekende ADW Wolmarans, met AE Geldenhuis. Hyself was getroud met die ewe bekende en bekwame tant Corrie, gebore Human en hulle huwelik is op sy beurt geseën met vier kinders, een seun en drie dogters, almal nog in lewe. Van sy eie broers en susters leef daar nog een broer en vier susters. Hyself het 86 jaar oud geword en tant Corrie as weduwee agtergelaat na 'n huwelik van 58 jaar.

Deur sy ouers en familie is hy Hendrik genoem, deur sy broers en susters meestal "Boet Hennie" of "Boet Hendrik" of soms met deernis "Boet Hein" (uitgespreek Hyn) en deur sy vriende en ouer oudstudente in die Kerk, "Oom Hennie" of meestal "Oom HP" – nooit uit familiariteit nie, altyd met liefde en respek. Vanselfsprekend was hy in 'n familie van deur en deur kerkmense 'n baie gerespekteerde persoon, juis omdat hy predikant geword het en onder moeilike omstandighede die verste gestudeer het.

Wyle prof dr H P Wolmarans

Sy ordening as bedienaar van die Woord was 'n groot gebeurtenis, want vreemdgenoeg, was hy die eerste Wolmarans in 'n eeue-oue kerkvaste geslag wat werklik predikant geword het. Wie N Dreyer se geskrifte oor die Wolmarans-geslag gelees het, sal weet dat vanaf Calvyn se tyd hierdie geslag ten nouste aan die Kerk verbonde was, dat talle van hulle ouderlinge en diakens was, (neem maar die invloedryke FG van Potchefstroom) dat hulle in Suid-Afrika en veral in Transvaal 'n groot rol in die kerklike (en politieke) lewe gespeel het, maar dat dit eers tot by oom HP moes wag om die eerste volwaardige predikant, te lewer. Na hom het 'n viertal ander tot dusver in Hervormde Kerk gevolg, naamlik WM, JN, JLP en NM.

Oom HP se ouers en hul kinders is deur die Engelse arm gemaak: As jong seun was hy, saam met die ander toe reedsgeborenes en die moeder in die konsentrasiekamp, te Volksrust waar hy, saam met skrywer se vader, PJ, so het hulle my persoonlik vertel, vir 'n groot deel aan die lewe gebly, deur van die versmaaide mieliepitte van die Tommies se perde, "vas te lê" en te braai.

Met groot opoffering deur die ouers en die ander kinders, kon drie van die seuns tog naskoolse opleiding geniet. Die diefstal en plundering kon ook hierdie gesin van 'n taai geslag nie onderkry nie. HP en PJ het grade aan die TUK behaal (met lof) en die derde, DGS, die enigste seun wat nog leef, 'n onderwysdiploma. Tyd en omstandighede in ag geneem, was dit 'n buitengewone gesinsprestasie – die ander gesinslede moes baie dinge ter wille hiervan ontbeer.

Hieruit val veel van HP Wolmarans se geaardheid en karakter te verklaar – sy wesenlike beskeidenheid en nederigheid, sy amperse onbewuswees van die waarde van materiële dinge, maar veral sy intense familieverbondenheid. Hy het sy familie se vertakkinge bestudeer, dit opgeskryf (nog ongepubliseer), hulle opgesoek en hulle almal met hulle kinders se verdere nageslag geken en liefgehad. Daarom was hy op sy beurt deur hulle almal gerespekteer en gewaardeer en hoe ouer hy geword het, het hy al meer en meer 'n soort simbool, 'n "stamvader", 'n patrio van die hele familie geword. Wanneer 'n redelike groep van die familie bymekaar was, moes "Boet Hein" of "Oom Hennie" altyd kerk hou – nie "boekevat" nie, maar 'n volle preek lewer, of dit nou in 'n wildtuin, 'n tent of onder 'n boom was. Dit het hy altoos met vreugde, waardigheid en 'n sekere intimiteit gedoen. Hy het oor 'n ingebore eerbiedwaardigheid beskik.

Oom HP was van jeug tot ouderdom 'n verrassend veelsydige mens. Min mense weet dat hy rondom die begin twintigerjare een van Tukkies se beste flankvoorspelers was en lank en gereeld vir die eerste span gespeel het. Op die atletiekbaan was hy, in teenstelling met veral sy jonger broers en susters, verlore: krieket en gholf wou hy nie speel nie omdat hy in beginsel anti-Brits was, maar agter die loop van 'n geweer was dit weer 'n heel ander storie. Deur en deur *Boer!*

Hy was 'n knap konsensieuse student wat nooit, om 'n uitdrukking van PS Dreyer te gebruik, "genade en buurmanshulp" nodig gehad het om te slaag nie. Hy was, tipies Wolmarans, 'n onafhanklike denker sodat Haitjema hom selfs 'n "Einspänner" genoem het. In Nederland het hy die teoloë verbaas met sy kennis en insig en Vrieszen het later teenoor ES Mulder opgemerk dat dit 'n droewige feit was dat "Wolmarans nie meer gepubliseer het nie". Die verwaande Hollanders kon moeilik aanvaar dat "donker Afrika" so 'n knap student kan lewer. Self het hy dit ons natuurlik nie meegedeel nie – tant Corrie moes dit maar agteraf aan broers en susters vertel.

Van sy studentedae af tot met sy dood het ook in hom geleef 'n onuitbluslike en ontembare liefde vir die Afrikanervolk en -kultuur en 'n intense belangstelling in die

Afrikaner se politiek. Dit het hom soms in die sop laat beland in regeringkringe en 'n keer selfs in die hof, toe hy met 'n skerpsinnige siening die ontplooiing van die Marxistiese idee in die vakbonde van die dertigerjare aangetoon het. Hierdie brosjure is inderdaad verban hoewel etlike eksemplare vandag nog in privaatbesit is. Finansieel was dit vir die gesin 'n ramp, want hulle het onder andere hul huis daardeur verloor. Mense wat hom moes help het hom in die steek gelaat, maar, dit is te bowe gekom.

Hand aan hand met hierdie volksverbondenheid het geloop 'n onsterflike liefde vir die bodem van sy vaderland en vreemd gepas en "mooi" is dit dat hy op sy geliefkoosde grond in Magoebaskloof oorlede is en nie in die stad nie. Vanselfsprekend het hy die geskiedenis van sy volk deeglik geken en kon rondom 'n kampvuur vir ure lank gebeure en verhale en selfs histories-wetenskaplike teorieë vertel wat ongelukkig nooit opgeskryf is nie – talle waarvan pragtige folklore was.

Oom Hennie was beslis nie 'n goeie ekonoom nie. Hy was in verskeie grondtransaksies betrokke waaruit hy goeie wins kon maak, maar vir hom was dit onwaardig. Hy wou eerder sy kollegas en andere aanmoedig om ook 'n stukkie van die bodem te bekom. 'n Pragtige voorbeeld van sy ekonomiese "insig" was die geval waar hy ten opsigte van 'n groot beesplaas die verkooptransaksie só aangegaan het dat die verkoopprys eers ongeveer 10 jaar na 'n normale lewensverwagting betaal sou wees met dié stipulasie daarby dat as die melk- of roomopbrengs die maand vir die koper nie goed was nie, die paaiement maar kan oorstaan. Hy was die teendeel van 'n marterialis – hy wou maar altyd net graag 'n "Landrover" hê – 'n gedeeltelik vervulde ideaal, want dié wat hy wel gehad het, was meestal onder eie reparasie en soms 'n gevaar op die pad.

Waar hy predikant was, word hy vandag nog deur die ouer geslag met liefde en deernis onthou – Zeerust, Pietersburg, Boksburg, Johannesburg-Suid en Van Warmelo/Vivo/Dendron. Senior kollegas en bejaarde lidmate vertel my dat hy as pastor sy gelyke nie gehad het nie. Dit is sekerlik toe te skryf aan sy besondere persoonlikheid, nederig, opreg, sonder pretensies, vervul met Bybelse wysheid sonder "slimmigheid". Hy was 'n praktiese en praktiserende Christen. Min mense weet van die stille bydraes wat hy in moeilike dae vir die sending gegee het toe dié in die Hervormde Kerk in sy kinderskoene gestaan het. In 'n tyd van antagonisme teenoor die sending het hy geweet dat 'n kerk altyd sendende kerk moet wees, anders is hy nie kerk nie.

Oor sy teologiese arbeid as dosent is reeds elders geskryf – BJ Engelbrecht in "Die Hervormer" van Februarie 1981. Daarby moet nog net bygevoeg word dat sy oudstudente almal saamstem dat hulle die belangrikste deel van hulle algemene teologiese vorming en aanvoeling – indien dan miskien nie feitelike kennis nie – van prof HP ontvang het. Hy het van hulle, mede en miskien veral deur sy voorbeeld, teologiesdenkende mense gemaak waar die korrekte rangorde van waardevoorkeur altyd voorop gestaan het. Vermeldenswaardig is verder: toe die Randse Afrikaanse Universiteit begin het, is met groot fanfare die nuwe rewolusionêre onderrigmetode aangekondig van die stelsel van kernaantekeninge wat voorberei en in die lesingsaal bespreek sou word. HP Wolmarans het hierdie metode 30 jaar vantevore ingevoer met die effens lastige verskil dat opeenvolgende geslagte van studente dit maar van mekaar moes verkry. Hy het nooit onpersoonlik gesit en dikteer nie. Hy het hierdie aantekeninge behandel en altyd duidelik gewys op die nuwere ontwikkelinge in sy vakgebiede. Wie nog daardie aantekeninge besit, het 'n groot deel van hierdie wyse man se teologiese arbeid. Hy het nooit wysneusige, eksperimentele slimmighede

kwytgeraak nie, nie so verskriklik baie vertel wat ander en veral afwykende teoloë geleer het nie, maar vasgevang in die "Teologie von das Wort" eerder geduring gewaarsku teen enige vorm van "wyssinnigheid" wat oral ter wêreld en soms selfs in ons eie fakulteit gehoor is. By hom was dit nooit 'n kwessie van "publish or perish" nie. Hy was eerder die ware leermeester in die vorming van die teologiese denke van sy studente. Hy het oneindig veel meer nagelaat as 'n paar amptelike publikasies of 'n handboek of twee.

Verstrooid? O ja! Talle voorbeelde kan opgenoem word maar die krisis met tant Corrie toe hy op 'n keer met 'n oliebesmeerde oorpak by die lesingkamer opgedaag het, was seker een van die beste.

HP Wolmarans het 'n hoë premie geplaas op eerlikheid en eerbiedwaardigheid. 'n Bekende oudstudent het op 'n keer hierdie besondere en veelseggende getuigskrif uitgespreek: "Prof HP was altyd weerloos in sy eerlikheid". Hy was geen bakleier of rusiemaker nie, ook nie met ander kerke nie. Vir hom was dit gewoon infradict.

Tog het hy andersyds 'n kostelike droë sin vir humor gehad, wat soos hyself op 'n keer gesê het, nie 'n grap vertel het as dit nie 'n ware gebeurtenis was nie. So het hy dikwels vertel van die Engelsman in Pietersburg se wêreld wat aan hom by geleentheid vertel het dat die vorige Kersfees die wonderlikste in sy lewe was. Die rede: "Just think of it, I have been drunk for thirteen days" en dit dan met sy byna onhoorbaar, tog intens genotvolle laggie deur sy yl baard.

Hy het tant Corrie vir jare verpes met sy planne vir 'n aftreehuis op sy plaas. Hy het letterlik dosyne planne geteken – die Duxburyweg se studeerkamer het daarvan vol gelê – en dié intense werk was om 'n rondawelhuis te ontwerp met reguit lyne vir die beddens en kaste om teen te staan. 'n Boer woon mos in 'n rondawel. As hy tant Corrie se moter gestamp het – en dit het dikwels gebeur – dan was die paal, klip, boom of ander kar net eenvoudig op die verkeerde plek. En wanneer sy raas en stoom afblaas, het hy na 'n geruime tydjie van streel oor sy baard ewe gevra: "Vroutjie, het jy gepraat?" En tog wanneer dit oor ernstige sake gegaan het en hy afwysend moes optree, het hy sag en waardig bloot gesê: "Dit spyt my" – en dan was dit klaar, elkeen wis waar hy staan en daar is nie weer oor die saak gepraat nie.

Oom Hennie was 'n man om te respekteer en lief te hê. Weinig mense kon blywend vir hom kwaad wees. Indien daar so iemand was, het hy in elk geval sy tyd gemors, want hy sou altyd verloor. Kerk, gemeentelede, studente, vriende en familie sal hom vir oneindig baie mooi dinge onthou en sy invloed in die lewe van die Hervormde Kerk sal ook spreek lank na sy dood. Slimme vlindertjies wat hom soms gekritiseer het, sal al lankal vergete wees, maar sy stem sal sonder geskrifte oor kontemporêre teologiese giertjies, nog lank daarna gehoor word. Hy het die tydlose teologie van die Woord in die lesingsaal en vanaf die kansel verkondig.

Sy laaste ure was soos sy lewe. Hy het nog met aandete, soos sy lewenslange gewoonte was, huisgodsdiens gehou, vir sy kinders en familie, sy kerk en sy volk gebid en binne 'n uur is hy, sonder dat hy ooit weer iets doelbewus gesê het, in sy badkamer rustig dood aangetref. Geen drama nie, slegs 'n waardige stilte.

Prof HP, in die goeie sin van die woord, 'n enigma, 'n unieke mens. Sy soort is skaars.

ds JN Wolmarans

Wyle ds A D Botha

Wyle Abel Daniël Botha is op 30 Oktober 1927 gebore te Nebo in die distrik Middelburg. Hy is skielik en onverwags tydens 'n sitting van die Ring van Zoutpansberg op 9 Junie 1981 te Louis Trichardt oorlede.

In lewe was hy predikant te Koedoesrand, Elsburg en Phalaborwa. Hy het onder andere as skriba van die Ringe van Waterberg, Zuurfontein/Germiston en Zoutpansberg gedien.



Wyle ds A D Botha

Hy is op 23 Januarie 1971 te Koedoesrand georden as predikant. Na 'n studietydperk van baie jare, omdat hy altyd deeltyds moes studeer en werk, kon hy slegs vir tien jaar in die bediening staan. Die sinvolheid van ons lewensjare is egter nie afhanklik van die hoeveelheid jare nie, maar wel van die wyse waarop ons hierdie jare wat ons gegun word, benut. Sy lewe en sy werktyd in die Kerk was sinvol, omdat dit vol jare was. "Oom Abel" het homself altyd ten volle gegee vir die saak en die mense met wie hy besig was.

Abel Botha se lewe en dienswerk in ons Kerk word dankbaar in herinnering geroep.

Ons eer die nagedagtenis:

- van 'n sprankelende, blymoedige en gebalanseerde mens;
- van 'n predikant wat met die gebruik van al sy talente met ywer en toewyding die evangelie gedien het;
- van 'n ampsdraer wat konstant gesoek en gevra het na die wil van God in al sy doen en late;
- van 'n kollega wie se integriteit en lojaliteit altyd bo verdenking was
- van 'n pastor wat sy gemeente van die kleinste tot die grootste met liefde gelei, en met egte persoonlike belangstelling vertroos en bemoedig het;
- van 'n vriend wat nooit sy deel geweier het nie en op wie jy onder alle omstandighede kon reken;
- van 'n mens wat haat en vyandskap met positiewe geloof en liefde verbygeleef het.

Soos elke kollega en gemeentelid wat hom deur die jare geken het, was ook diegene wat getuies kon wees van sy laaste oomblikke en laaste werkplek, altyd bevoorreg en verryk deur ons verbintenis met hom.

Phalaborwa se gemeente het ons broeder se laaste jare vol en gelukkig gemaak met hulle liefde en samewerking waarop hy voortdurend kon reken.

Die wyse waarop mev Botha ondersteun, bygestaan en versorg is in haar beproewing, doen die Kerk eer aan en pas by die geloof in Jesus Christus.

Mag die familie van wyle Abel Botha die vertroosting van God se Woord en die krag van die Heilige Gees ervaar.

Mag die herinnering aan ons broeder, elkeen wat hom geken het hegter bind aan die opstandingsgeloof in Jesus Christus.

"Dink aan julle voorgangers wat die Woord van God
aan julle verkondig het. Let op hulle lewens-
wandel tot die einde toe en volg die voorbeeld
van geloof wat hulle gestel het" (Hebr 13:7).

ds Hennie Botha en
ds Japie Coetzee

Medebouers van die Nederduitsch Hervormde Kerk

Kommandant Marthinus Johannes Wolmarans

Gedurende die afgelope paar jare het daar elke jaar in die *Almanak* 'n artikel verskyn oor een of ander familie wat vir 'n paar geslagte na mekaar kerklike ampsdraers aan die Nederduitsch Hervormde Kerk gegee het.

So het daar reeds artikels verskyn oor die *Wolmaranse* wat vir vier geslagte na mekaar kerklike ampsdraers gelewer het.

Die eerste was ouderling *FG Wolmarans*, die geestelike leier van die Potgietertrek, leidende figuur op kerklike gebied onder die Transvalers, en ouderling op Potchefstroom sedert sy aanstelling as ouderling – saam met Jacobs en Van Staden – deur die Natalse Volksraad op 23 Februarie 1842.

Hy is as ouderling deur sy seun, *FGA Wolmarans*, ook in die Nederduitsch Hervormde gemeente Potchefstroom, opgevolg.

Op sy beurt is laasgenoemde weer opgevolg deur sý seun, ouderling ADW Wolmarans van Pretoria, terwyl laasgenoemde se jongste seun predikant van die gemeente Brits en later van ander gemeentes geword het, naamlik ds WM Wolmarans.



Kommandant en mev F G A Wolmarans

Wapenskou te Rietvlei Potchefstroom 1897 Bovenwyk Mooirivier
Agter: G S Wolfaardt, P Redelinghuys, J J Wolmarans, A D Wolmarans, M J Wolmarans
Voor: D J Wolmarans, G J M Wolmarans, komdt M J Wolmarans, komdt F G A Wolmarans.

Ook kan hier vermeld word, dat 'n broer van ADW Wolmarans, naamlik Douw, ouderling was van Ermelo en daarna van Dullstroom, terwyl drie van sy seuns die Nederduitsch Hervormde Kerk gedien het: Frederik en Petrus as ouderlinge van die gemeente Lydenburg, en Hendrik Petrus as predikant en later professor, eers aan die Universiteit van Pretoria en daarna as die grondlegger van die opleiding van leraars vir ons sendingkerk, die Hervormde Kerk in Suidelike Afrika.

Na die Wolmaranse is die aandag gevestig op die Jouberts, afstammelinge van ouderling Christiaan Joubert wat in die jare voor en tydens die mislukte kerkvereniging 'n leidende rol gespeel het in die sogenaamde Konsulentsgemeente van Pretoria met sy middelpunt en kerkplek op die plaas Witfontein in Bronkhorstspruit se wêreld.

Ook het aan die beurt gekom die *Steyns* wat vanaf die beginjare in Potchefstroom en daarna in ander gemeentes tot vandag toe hul plekke vol gestaan het.

Die eerste van hierdie "kerk"-Steyns was die Potchefstroomse ouderling van ds Van der Hoff, naamlik Theunis Frederik Jacobus, 'n vroom en waardige man op wie ds Van der Hoff hom indertyd beroep het teenoor die valse bewerings van ds Frans Lion Cachet.



By die onthulling van die Wolmaransmonument te Welverdiend.
Links prof dr H P Wolmarans en regs J A Wolmarans seun van F G A Wolmarans

Die *Dreyers,* afstammelinge van Thomas Frederik Dreyer, ouderling op Potchefstroom tydens die bediening van ds CW du Toit, was die volgende aan die beurt in die *Almanak. Daarna volg die Vissers en verlede jaar was dit die beurt van die Van Stadens.* Die voorperd onder hulle was die Voortrekker, ouderling PJ van Staden senior een van die eerste drie Voortrekkerouderlinge op Potchefstroom en later op Rustenburg. 'n Seun van hom, PJ (oom Pieta) van Staden was die eerste laddros van Rustenburg. Van Stadenstraat op Rustenburg is na hom vernoem.

Maar in hierdie artikel wil ons wys op 'n ander eienskap van die Wolmaranse en dit is hul dienste *aan die staat.*

Die eerste twee, te wete FG en sy seun FGA was albei lede van die destydse drie belangrikste ampte in die volkslewe naamlik kerkraad, volksraad en krygsraad, en dit is opvallend, volgens die notule van vergaderings uit dié tyd, dat 'n Wolmaransvoorstel gewoonlik deur die vergaderings aangeneem is. Dit wil sê, hulle was wyse manne met helder insigte, en bygevolg leiersfigure met groot invloed.

Wat die derde Wolmarans betref, naamlik ouderling en senator ADW is dit 'n min of meer bekende feit dat hy toe hy LV en sedert April 1899 lid van die Uitvoerende Raad was, die regterhand van president Kruger was en daarbenewens die leidende figuur saam met ds CW du Toit van die sogenaamde Prokurasiekommissie, wat na die teleurstellende sogenaamde kerkvereniging van 1885 opgekom het vir die regte van die vastrappers wat nie wou verenig nie en hul kerkgeboue terug wou hê.

Maar nou is daar nog 'n tak van hierdie Wolmaranse waar ons die lig op wil laat val en wel op 'n tak met militêre prestasies.

Die eerste Wolmarans wat as militêr die aandag trek, was *kommandant Marthinus Johannes Wolmarans,* wat op Welverdiend woonagtig was.

Hy is gebore in 1841 op Bloemfontein en is gedurende 1863 getroud met Anna Leonora Wolmarans, gebore op Welverdiend in die distrik Potchefstroom. Haar vader was FGA Wolmarans, seun van die bekende ouderling FG.

Hierdie Marthinus Johannes was kommandant van die wyk Bo-Mooirivier. Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog is hy in sy heup gewond en kon daarna nie meer perd ry nie. As kommandant moes hy toe bedank en is opgevolg deur sy seun Frederik GA Wolmarans.

Kommandant Frederik (Frikkie) was 'n warm vaderlander. Met die Rebelle in 1914 was hy aan die kant van die rebelle. Hy is gevange geneem deur die regeringstroepe, het in die tronk in Johannesburg beland en is saam met Jopie Fourie as offisier tot die dood veroordeel. Hy het egter nie voor die vuurpeleton gekom nie, omdat die vuurdood wat oor Jopie Fourie voltrek is, so 'n groot opskudding onder die volk bewerkstellig het, dat die regering dit nie wou waag om meer van die Rebellie-offisiere voor die vuurpeleton te laat sterf nie.

Maar sy eiendom – sy plaas en diere – is gekonfiskeer, en hy moes weer van onderaf begin boer.

Die troue kerkdiens van hierdie Wolmaransfamilie word nog steeds voortgesit en die een na die ander van die nageslag dien in een of ander gemeente as kerklike ampsdraer. Tot in die jongste gemeente in die Ring van Potchefstroom dien daar nog 'n Wolmarans as ouderling, naamlik ouderling JA Wolmarans in die kerkraad van die gemeente Grimbeekpark.

Hulle was ses broers en met een uitsondering was of is almal in een of ander kerkraad 'n ampsdraer, en nie alleen hulle nie, maar ook die kleinkinders sit die tradisie voort.

Joh Dreyer

Jan Hendrik Lotz

Op 6 Mei 1913 is Jan Hendrik Lotz gebore. Dit was veel bewoë tye. Die rebellie van 1914 en die nageskiedenis daarvan het 'n blywende indruk op die gemoed van die opgroeiende seun gemaak. Sy denke en dade was lewenslank uitvloeisel van sy liefde en bewondering vir die Boerevolk en die dankbaarheid daarvoor dat hy lid van hierdie volk kon wees.



Wyle J H Lotz

In 1938, die jaar van die simboliese ossewatrek, is hy op 10 Desember getroud met mej Hentie Kleynhans. (In NHSV-geledere tans 'n baie bekende en gewaardeerde lid van die Hoofbestuur.) As deel van hulle wittebroodsreis het hulle onder andere die groot feesviering te Bloedrivier meegemaak.

Uit hierdie huwelik is een seun en drie dogters gebore. Hy was trots op sy kinders en het letterlik alles vir hulle feil gehad. Die voorbeelde om dit te illustreer, is werklik te veel om op te noem. Wat egter nie verswyg kan word nie, is die feit dat hy alles in sy vermoë gedoen het om sy liefde vir sy volk en sy Kerk ook as geestelike erfenis aan sy kinders oor te dra.

Die ander groot liefde wat 'n byna allesoorheersende rol in sy lewe gespeel het, was die Nederduitsch Hervormde Kerk. Benewens die feit dat hy een van die getrouste kerkgangers was wat ek ooit geken het, was hy ook een van die mildste gewers vir die Kerk wat ek ooit geken het. Dit was vir hom altyd 'n groot eer en 'n voorreg om in hierdie Kerk te kon dien. As kerkraadslid het hy gedien as kassier, skriba, ringskommissielid en vir baie jare ook getrou as lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

Van sy jeug af was hy 'n baie hardwerkende mens en geen werk was vir hom te nederig nie. Met groot inspanning en opoffering het hy hom met privaatstudie bekwaam as prokureur, 'n beroep wat hy tot sy heengaan beoefen het. Ek het altyd gewonder hoe hy dit regkry om kantore te Krugersdorp, Johannesburg en Randburg, plus nog boerdery- en honderd en een ander sakebelange te behartig en daamee vol te hou selfs nadat sy gesondheid alreeds geknou was. Ek dink die groot dryfveer vir sy harde werk was die feit dat hy homself en sy werk altyd in diens van groter belange, naamlik die Afrikanersaak en die kerksaak, geag het.

As mens was hy beskeie – baie het hom selfs as stil en moontlik ook as afsydig beskou. Dit was alles behalwe die geval. Twee dinge het hom stil laat lyk: Hy wou ander nooit met sy sorge beswaar nie en hy het wat hy gedoen het, gedoen omdat hy gedink het dat dit goed en reg was en nie om daarmee vir homself erkenning te soek nie. Sy sorge waarvan hy ook sy kwota gehad het, het hy spaarsamelik met drie of vier mense gedeel en die goed wat hy aan ander gedoen het, het hy altyd só gedoen asof dit 'n formele besigheidstransaksie is – en elkeen wat insae gehad het, het geweet dat hy nooit enige voordeel daaruit kon trek nie. Hy het dit vir ander gedoen, maar wou nie hê dat hulle hulle iets aan hom verskuldig moet voel nie.

Sy heengaan op 14 April 1981 was 'n groot verlies en tog is sy lewe 'n rede tot dankbaarheid en 'n bron van inspirasie.

Mag die Here sy vrou en kinders troos!

prof dr J I de Wet

Pieter Willem van Staden

Op 9 Mei 1981 is oom Willie van Staden, soos hy onder almal wat hom geken het, bekend was, oorlede. Daar is sekerlik min mense wat nie met 'n gevoel van weemoed, maar ook 'n dankbaarheid dat 'n mens hom kon ken, van oom Willie vir die laaste maal afskeid geneem het nie.



Wyle P W v Staden

Pieter Willem van Staden is op 18 Oktober 1917 in die Waterbergdistrik gebore. In 1942 tree hy in die huwelik met Hendrien Venter. In daardie selfde jaar word hy vir die eerste maal tot die kerkraad van die Gemeente Potchefstroom verkies. Van toe af sou hy op nege kerkrade dien. In die meeste gevalle is hy sommer kort na sy aankoms in die gemeente tot die kerkraad verkies. Hy was ook in 'n paar gemeentes die skriba van die kerkraad.

Maar ook in die breër werksaamheid van die Kerk het hy 'n deel gehad. Vanaf 1961–1968 was hy lid van die Algemene Kommissie. Vanaf 1967 was hy lid van die Raad vir Ouderlinge en vanaf 1962–1969 was hy lid van die Raad vir Kategese. Die kategese was een van die aspekte van die Kerk se werksaamhede waarvoor oom Willie van Staden hom in die besonder beywer het omdat hy nie alleen 'n intense belangstelling daarvoor gehad het nie, maar ook 'n groot liefde.

Maar daar is ook baie mense wat die mens Willie van Staden sal onthou. Die man wat by die kerkbasaar die hart van 'n kind blymaak met dit wat oom Willie sommer vir hom of haar kon koop -- die man met die vrygewige gesindheid en die oop hand vir waar nood was – die een by wie baie in hulle tyd van nood hulp en raad kon soek – die mens in wie almal geloof kon sien sonder dat hy ooit gedweep het.

'n Mens sou nog baie oor hierdie kerkman kon skrywe. Maar miskien sou 'n mens hierdeur juis een van die besondere eienskappe van oom Willie geweld aandoen. Van sy weldade hoor mens by ander. Hyself het nie daaroor geroem nie. Hyself wou alleen maar die eenvoudige en nederige dienskneg van sy Heer wees. Maar tog weet 'n mens dat sy nagedagtenis nog lank sal voortleef in die harte van baie mense.

ds T H J van Nieuwenhuizen

Ouderling Reinier Johannes van den Bergh

Op 4 Februarie 1981 het 'n groot kerkman en volksman ons ontval. Reinier van den Bergh is op 3 Mei 1906 gebore in Koster se omgewing. Nadat hy sy matriekeksamen met sukses afgelê het, wou sy ouers hê dat hy as onderwyser hom moes bekwaam. Die jong Van den Bergh was egter gou oortuig daarvan dat sy toekoms op 'n ander terrein geleë was. Hy wou as polisieman sy volk gaan dien. Hy het op die onderste sport begin en geklim tot die hoë en verantwoordelike posisie van generaal-majoor.

Wyle R J vd Bergh

Hy het hoofspeurder van Suid-Afrika geword en voortreflike diens gelewer. Sy belangstelling het egter verder gestrek as sy daelikse werksgebied. Die kerk en die gemeente van Jesus Christus wou hy dien. Hy het vir hom 'n vrou uit 'n baie kerklike familie gekies. Die dogter van die so bekende kerkman, ouderling Theo Pistorius, was sy keuse. Reeds vroeg in sy lewe is hy as diaken gekies en later het hy ouderling geword. Vir meer as vyftig jaar het hy onafgebroke op verskillende plekke as lid van die kerkraad gedien. Met bekwaamheid en toegewydheid het hy die take van skriba, registrasieskriba, voorsitter van die finansiële kommissie ensovoorts verrig.

Hy het die Kerk ook in wyer verband gedien. Ringskommissie, en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering was die ander gebiede waar hy geroep was om te dien.

Generaal Van den Bergh was 'n nederige en beskeie persoon wat geliefd was oral waar hy werksaam was. Sy getrouheid, deeglikheid en netheid was kenmerkend. Al hierdie waardevolle trekke was gegrond in sy volhardende geloof, sy vaste hoop en opregte liefde teenoor God die Here, en ook teenoor sy naaste.

In die gemeente van Pretoria-Oos waar hy sy laaste jare deurgebring het, is daar 'n gehegtheid aan hom en word hy gemis in sy ouderlingswerk deur die hele gemeente, die kerkraad, finansiële kommissie, asook deur sy huisgesin en sy groot vriendekring. Aan hierdie gawe van God vir die kerk, die volk, sy familiekring en sy vriendekring is daar 'n seën verbonde wat steeds sal voortwerk onder die hand van die Allerhoogste.

dr L M le Roux

Wyle ouderling Gerrie vd Westhuizen en sy gade Annie (geb Stoltz)

Wyle ouderling Gerrie vd Westhuizen is op 10 Januarie 1892 in Griekwaland-Wes, naby Postmasburg gebore, en in die rype ouderdom van 80 jaar, is hy op 28 Februarie 1972, te Vryburg oorlede. Op 27 Julie 1920 is hy getroud met mej ASEP (Annie) Stoltz, wat hom op 19 September 1959 ontval het. Uit die huwelik is vier kinders gebore, waarvan drie nog leef.

Wyle oudl G vd Westhuizen en sy vrou Annie.

Aan huis van wyle ouderling Vd Westhuizen van die Gemeente Goedehoop, vroeër Bechuanaland genoem, het menige konsulent tuis gegaan, onder andere dr HCM Fourie, di PW Ennis, JJ Kuhn, PJJ Venter, GC Coetzee, CS van H Steenkamp, CH Muller, JJ Prinsloo, SPJ van Rensburg en SE Young. Hierdie Gemeente word sedert sy stigting in 1913 tot in 1950 slegs deur konsulente uit die Ring van Zeerust bedien.

Wyle ouderling Vd Westhuizen het vir 30 jaar op die Kerkraad gedien, meestal as ouderling en katkiseermeester totdat hy in 1954 uitgetree het. Met die dorpstigting van Piet Plessis, in die begin van die veertigerjare, op die plaas Goedehoop, waarvan wyle oom Gerrie toe die res van die plaas ook aangekoop het, was hy lid van die eerste dorpskomitee, wat saamgestel was uit die drie susterkerke. Die eerste gebou op hierdie kerkdorpie, was die ou sink kerksaaltjie, wat in die veertigerjare deur oom

Gerrie en sy oudste seun, die latere ouderling Gerrie vd Westhuisen, opgerig is. Hierdie sinkkerkie het diens gedoen totdat tydens die konsulentskap van ondergetekende die huidige steengebou opgerig is. Die hoeksteen van die huidige gebou is geskenk deur oom Gerrie en sy seun Gerrie. Een van die strate in hierdie kerkdorpie is ook vernoem na oom Gerrie.

Oom Gerrie se gade, Annie, was sy steunpilaar in sy kerkwerk. As vroom gelowige was sy 'n gereelde leser van "Die Hervormer" en die "Almanak", en ook ander godsdienstige boeke. Toe die genoemde sinkkerksaaltjie gebou moes word, was dit oorlogstyd, en die boukontroleur moes toestemming gee vir die oprigting daarvan. Hy wou of kon nie. Toe het tant Annie, persoonlik in eie handskrif, direk aan die destydse Eerste Minister genl. JC Smuts 'n brief geskryf – en nie lank daarna nie, kon die saaltjie opgerig word. (Vir sy historiese waarde, word 'n afskrif van die boukontroleur se brief aan tant Annie, bygevoeg.)

"Mev AS vd Westhuizen,
Goedehoop,
PK Roelofskamp,
DIST MAFEKING.

Waarde Mevrou,

B.C.23167 – Ned. Herv. Kerk
Roelofskamp.

U brief wat gerig was aan Generaal Smuts is aangestuur na hierdie Beheer, en terwyl u toestand ten volle waardeer word, is dit werklik maar een geval uit 'n menigte wat tans oor die hele land, in daardie jammerlike posisie verkeer.

Soos reeds gemeld in ons vorige brief aan Eerw. Muller is die toestand wat betref die menigte wat werklik nog dakloos is, so haglik, dat die bou van kerke of kerksaals iets is wat slegs latere aandag kan geniet. U word dus vriendelik versoek om met geduld 'n verbetering in die huidige omstandigheid af te wag tot tyd en wyl dat toestemming aan u versoek geskenk kan word.

Dienswillig die uwe.

Vir: ADJUNK-BOUKONTROLEUR"

Wyle ouderling Vd Westhuizen is na die oorlye van sy eerste vrou weer getroud, en sy derde vrou en drie kinders, onder wie prof dr HG vd Westhuizen, van die Universiteit van die Noorde, oorleef hom.

Sy nagedagtenis is vir ons tot seën en inspirasie.

ds S E Young
(Konsulent 1947–1979)

J J Prinsloo

(20 Februarie 1913 tot 22 Augustus 1980)

Joachim Johannes Prinsloo het die grootste deel van sy dienswerk in die kerk in die gemeente Vanderbijlpark-Oos verrig, waar hy as ouderling gedien het sedert die stigting van die gemeente in 1958 tot enkele jare voor sy dood. Vanaf 1952 was hy ouderling in die gemeente Vanderbijlpark. Voorheen, vanaf 1941 tot 1951 was hy diaken in die gemeente Parys.



J J Prinsloo en eggenote tydens die doop van hul eerste kleinkind.

Hy het groot geword op die plaas Rietpoort naby Parys, aan die Transvaalse kant van die Vaalrivier. Hy is die oudste seun van wyle Gert Cornelis Prinsloo, vir jare ouderling en skriba van die gemeente Parys. Laasgenoemde was onder wyser aan die Koedoesfonteinskool.

Gedurende 1939 is J J Prinsloo getroud met Jessie Kyle uit Schweizer-Reneke se wêreld.

Afgesien van sy diens op verskillende terreine van die gemeentelike werksaamhede soos byvoorbeeld finansiële komitee en as kolporteur, verdien sy groot liefde vir die kerk besondere vermelding. Hy het die kerk hartstogtelik liefgehad. Hy het 'n lewendige belangstelling in kerklike aangeleenthede gehad. So het hy byvoorbeeld sy eie kerklike argief in sy huis gehou.

As daar egter 'n saak is wat deur 'n predikant alleen waarlik waardeer kan word, dan is dit sy getrouheid. Elke erediens en elke kerkraadsvergadering, was hy daar. 'n Mens kon op hom reken.

Vir ons jong predikante in hulle eerste gemeente, was hy van groot hulp. Omdat hy op hoogte van sake was met besluite van kerklike vergaderings en hy die kerkwet geken het en ook vertroud was met die gees en karakter van die Hervormde kerk, kon hy aan ons leiding gee.

Op 22 Augustus 1980 is hy oorlede, nadat sy gesondheid die laaste paar maande ernstig verswak het. Op 26 Augustus 1980 is hy hier uit die kerk begrawe wat hy help bou het. Oom Lief laat ons agter met die aangename herinneringe.

ds L A Breedt

Ouderling Klaas Berkenbosch Pietersburg

Met sy verkiesing tot lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gedurende Mei 1979 het ouderling Klaas Berkenbosch of beter bekend "oom Klaas" nie alleen 'n besondere mylpaal in sy kerklike lewe bereik nie, maar ook die kroon gespan op 'n lewe van diens aan sy Kerk en in besonder aan die Gemeente van Pietersburg, waar hy oor 'n lang tydperk in verskeie ampte gedien het. Namens die Gemeente wil ons op hierdie wyse dankie sê en hulde bring aan 'n vriend en kerkman wat 'n besondere plek in ons Gemeente ingeneem het.



Oudl Klaas Berkenbosch

Gebore te Wolvega, Friesland, Holland op 28 Mei 1915, emigreer sy vader, moeder, twee broers en twee susters, asook 81 jarige oupa op 30 Desember 1920 met die "Balmoral Castle" na hulle nuwe vaderland Suid-Afrika en vestig hulle in Januarie 1921 te Potgietersrus waar 'n oom aan moederskant hom reeds vir etlike jare in die distrik by Koedoesrand as onderwyser bevind nadat hy aan Boerekant in die Anglo-Boereoorlog saam met generaal Piet Cronje by Paardeberg gevange geneem, as krygsgevangene na Ceylon gestuur is, om na die oorlog maar weer na die Potgietersrusse Bosveld terug te keer.

Op Potgietersrus gaan die jong Klaas Berkenbosch skool en na standerd 9 begin hy werk by die Nederlandsche Bank van Suid-Afrika te Pietersburg op aandrang van 'n goeie Hollandervriend van die gesin, wyle mnr van Dalsen, toentertyd bestuurder. Reeds in daardie tyd is stewige bande met die Kerk gelê. Hy loseer onder andere by die destydse predikant, later professor HP Wolmarans, en seker ook nie om dowe neute nie, later by die bekende en beminde suster Van Rooyen, 'n gevestigde Hervormde gesin met wie se dogter Elize hy dan ook in die huwelik tree.

Sy besondere bekwaamheid het nie lank ongesiens verby gegaan nie en reeds voor 1934 word hy dikwels deur die destydse kassier nader geroep om te help met die "ingewikkelde" boekhouding. Ja – en wat 'n boekhouding was dit nie – beswaarlik £500 (R1000) gemeentelike inkomste per jaar en 'n koninklike traktement van £22–10 per maand vir die predikant. So druk het dit in daardie depressiejare gegaan dat die predikant dikwels self moes instaan vir betaling van gemeentelike rekenings en soms ook maar gedweë moes wag op sy traktementsvergoeding – vertel oom Klaas.

Nietemin onder hierdie moeilike omstandighede word die gemeente se rekening in 1934 oorgeplaas na die Nederlandsche Bank en word die jong Klaas Berkenbosch kassier van die gemeente. By kassierswerk het dit egter nie gebly nie en dikwels moes hy ook maar as skriba inspring totdat hy in 1942 na Pretoria oorgeplaas word. In 1946 keer hy weer terug na Pietersburg en word onmiddellik daarna weer kassier met die oog op kerkbou.

Eienaardig genoeg word oom Klaas nooit verkies as diaken nie, maar wel in 1950 tot ouderling. Uit sy vroeë soms onstuimige jare as kassier en skriba vertel hy met genot van staaltjies uit daardie dae toe hy by een geleentheid nie genotuleer het wat 'n waardige ouderling gesê het "ek sê ook so" en toe net herhaal het wat die vorige spreker gesê het. Met die volgende vergadering op die Saterdag voor nagmaal is ernstige beswaar gemaak deur die broeder/ouderling oor die onvolledige notules. Die gevolg is dat die skriba die notuleboek aan die beswaarmaker oorhandig het met die versoek dat hy maar self die notule moet hou. Dit het 'n deputasie van ouderlinge onder leiding van die predikant die volgende môre gekos om die skriba te oorreed om met die pligte voort te gaan. En by 'n ander geleentheid is 'n omsendbrief oor die wenslikheid al dan nie van staatslotery behandel. Ernstig en plegtig het die Kerkraad beswaar gemaak teen hierdie "euwel uit die bose" totdat die jong kassier 'n eerlike beroep op die broers gedoen het dat die wat in hulle manelpakke se sakke 'n kaartjie van die destydse gewilde buitelandse loterye gehad het, hande moet opsteek. Die besluit van die Kerkraad daarna was dat "kennis geneem" is en dat "geen kommentaar" aan die Algemene Kommissie gelewer sal word nie.

Vandag kla kerkrade gou as hulle wyk meer as 10–12 besoekpunte het. Vir ouderling Berkenbosch was daar in sy eerste wyk nie minder as 44 besoekpunte en daar het die taak ook nie geëindig nie. By vyf geleenthede moes hy ook begrafnisdienste waarneem. So was sy eerste die bekende oom Boet Job Dreyer, grootvader van prof PS Dreyer. Daarbenewens was hy baie jare superintendent van Sondagskool, soos dit destyds bekend was en het ook as jeugouderling gedien. Gereeld het hy ook as "voorsanger" opgetree en moes dan saam met die predikant na buitedienste om daar die "noot te gee". By een geleentheid het hy laat by die diens te Kareebosch opgedaag en voor 'n toe sifdeur te staan gekom vanwaar hy die ontstigtende en ontstellende geluide moes aanhoor van sy ouderling-swaer wat besig was om "aan te hef" in sy afwesigheid.

Eers in 1970 het hy die kassierskap neergelê. Intussen is aan hom die Gemeente

se ere-toekenning vir 25 jaar diens aan die Kerk gemaak wat hy sovér saam met vyf ander oud-lede van die Kerkraad ontvang het. Tans dien hy op die volgende liggame van die Kerk:

Algemene Kommissie sedert Mei 1979;
Ringskommissie sedert Junie 1977;
Raad van Ouderlinge van die Algemene Kommissie en ook vir baie jare as kategesemeester.

In die bank het hy ook op besondere wyse gepresteer, waar hy op betreklike vroeë ouderdom tot bestuurder bevorder is en ten tye van sy uittrede ook as streeksbestuurder vir Noord-Transvaal.

Dit word gesê dat agter elke suksesvolle man, daar 'n vrou is en hier was dit ook die geval met mev Elize Berkenbosch se stille krag agter en ondersteuning aan haar eggenoot.

Mag hulle nog lank vir hulle kinders en vir ons gespaar bly. Mag ouderling Berkenbosch die gesondheid en kragte geniet om steeds voort te gaan met die diens wat hy so onbaatsugtig aan sy Meester en medemens bied.

Die Gemeente van Pietersburg sê aan u: "Baie dankie oom Klaas".

Dirk Uys

Nuwe predikante van die Kerk
– Leer hulle ken –



Ds PR Buitendag op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Windhoek.



Ds AJ Cilliers op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Walvisbaai.



Ds TF Dreyer op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Durban tot 12 Julie 1981 toe hy as predikant van Durban bevestig is.



Ds Yolanda Dreyer-Papp op 18 Januarie 1981 in Fonteinedal Pretoria georden.



Ds HF Gothan op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Voortrekkerhoogte.



Ds JH Kay op 18 Januarie 1981 in Volksrust georden.



Ds WC Kloppers op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diens-pligkapelaan in Saldanha.



Ds WW Papp op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Simonstad.



Ds JD Putter op 18 Januarie 1981 in Riebeeckstad georden.



Ds MSJ van Vuren op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Oudtshoorn.



Ds GP Visser op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Postmasburg.



Ds JF Wilson op 30 November 1980 in Voortrekkerhoogte georden, diensplig-kapelaan in Phalaborwa.

EVELYN HADDON
& KIE, BPK

PRETORIA – JOHANNESBURG – DURBAN
KAAPSTAD – PORT ELIZABETH
OOS-LONDEN – BLOEMFONTEIN – SALISBURY

Voorsieners aan die drukkers-bedryf vir meer as 75 jaar!

Met Komplimente
van

Bowaters Paper Company (Edms) Bpk.

Die papiermense
op u deurdrumpel . . .

Johannesburg
673-6930/41
28–32 Commando-Weg
INDUSTRIA

Pretoria
79-6262/7079
568 Kerk str-Wes
PRETORIA

KALENDER 1982

JANUARIE

S	M	D	W	D	V	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

FEBRUARIE

S	M	D	W	D	V	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28						

MAART

S	M	D	W	D	V	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30	31			

APRIL

S	M	D	W	D	V	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	

MEI

S	M	D	W	D	V	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

JUNIE

S	M	D	W	D	V	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

JULIE

S	M	D	W	D	V	S
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

AUGUSTUS

S	M	D	W	D	V	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30	31				

SEPTEMBER

S	M	D	W	D	V	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30		

OKTOBER

S	M	D	W	D	V	S
					1	2
3	4	5	6	7	8	9
10	11	12	13	14	15	16
17	18	19	20	21	22	23
24	25	26	27	28	29	30
31						

NOVEMBER

S	M	D	W	D	V	S
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

DESEMBER

S	M	D	W	D	V	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE – 1982

Nuwejaar	1 Januarie
Eerste lydensweek	21 Februarie
Tweede lydensweek	28 Februarie
Derde lydensweek	7 Maart
Vierde lydensweek	14 Maart
Vyfde lydensweek	21 Maart
Sesde lydensweek	28 Maart
Dankdag vir die oes	4 April
Sewende lydensweek	4 April
Stigtingsdag	6 April
Goeie Vrydag	9 April
Paassondag	11 April
Hemelvaartdag	20 Mei
Pinkstersondag	30 Mei
Republiekdag	31 Mei
Bartholomeusnag	24 Augustus
Krugerdag	10 Oktober
Biddag vir die gesaaides	10 Oktober
Hervormingsondag	31 Oktober
Eerste adventsweek	28 November
Tweede adventsweek	5 Desember
Derde adventsweek	12 Desember
Geloftedag	16 Desember
Vierde adventsweek	19 Desember
Kersdag	25 Desember
Oujaarsdag	31 Desember

JANUARIE 31 DAE

MAANSVERANDERING

EERSTE KWARTIER	3	06h45
VOLMAAN	9	21h53
LAASTE KWARTIER	17	01h58
NUWE MAAN	25	06h56

Dag van die Week	Dag van die Maand		Sons. Opg.	Sons. Ond.
V	1	Verskyning Almanak 1907; HP Wolmarans 4de prof, 1938	05h20	19h04
S	2	Oorgawe, Jameson en vryburgers, 1896	05h21	19h04
S	3	Di Postma, Van der Hoff op Rustenburg 1859	05h21	19h04
M	4	Kommando teen Dingaan, 1840	05h22	19h04
D	5	Grondwet, ZA Rep, deur Volksraad ontvang, 1857	05h22	19h05
W	6	Beëdiging pres Pretorius; Vierkleur gehys, Potchefstroom, 1857	05h23	19h05
D	7		05h23	19h05
V	8		05h24	19h05
S	9	Postma, Vd Hoff tree saam op, nagmaalsdiens, 1859	05h25	19h05
S	10	Ds Postma geb Dokkum, 1818; afskeiding Geref Kerk, 1859	05h25	19h05
M	11		05h26	19h05
D	12	Ds J van Arckel, eerste Kaapse predikant, oorl. 1666	05h27	19h05
W	13	Ds Stucki vertrek van Kaapstad na Natal 1847	05h28	19h05
D	14		05h28	19h05
V	15	Bevestiging ds De Vries, eerste vaste predikant, Ned Herv Gem Zeerust, 1876	05h29	19h05
S	16	AWJ Pretorius, Owen en Hogge by Sandrivier, 1852	05h30	19h05
S	17	Sandrivier-konvensie gesluit, 1852	05h31	19h04
M	18	Eerste Gekombineerde Kerkvergadering, Kaap, 1746	05h32	19h04
D	19	Kaap word finaal Engelse kolonie, 1815	05h32	19h04
W	20	PJ Joubert, komdt-genl, ZA Rep geb 1831	05h33	19h04
D	21	Stigting, Rustenburg-gemeente, 1850	05h34	19h03
V	22		05h35	19h03
S	23		05h36	19h03
S	24	Slag van Spioenkop, 1900	05h37	19h02
M	25	Kuratorium besluit tot vestiging van Teol Fakulteit, TUK, 1917	05h38	19h02
D	26	Ds Stucki op pad na Natal ter see oorl, 1847	05h38	19h02
W	27	Ds Begemann as predikant van Pretoria bevestig, 1861	05h39	19h02
D	28	Mev Josina van Warmelo op Schoemansdal oorl 1865	05h40	19h01
V	29	Hollandse taal in Kaapse geregshowe belet, 1824	05h41	19h01
S	30		05h42	19h01
S	31		05h42	19h00

FEBRUARIE 28 DAE

MAANSVERANDERING

EERSTE KWARTIER	1	16h28
VOLMAAN	8	09h57
LAASTE KWARTIER	15	22h21
NUWE MAAN	23	23h13

Dag van die Week	Dag van die Maand		Sons. Opg.	Sons. Ond.
M	1		05h43	19h00
D	2		05h44	18h59
W	3	Genl Christiaan de Wet oorl, 1922	05h45	18h59
D	4	Retief-Dingaan Traktaat onderteken, 1838	05h45	18h58
V	5		05h46	18h58
S	6	Ds JJ Kühn, eerste predikant in Pretoria opgelei, oorl, 1937	05h47	18h57
S	7		05h47	18h57
M	8	Voortrekkers stel eerste Kerkraad in, 1837	05h48	18h56
D	9		05h49	18h55
W	10	Stigting, Geref Kerk op erf nr 4 Rustenburg, 1859	05h50	18h54
D	11		05h50	18h54
V	12	Ds CW du Toit oorl 1932	05h51	18h53
S	13	Grondwet, ZA Rep, deur Volksraad aanvaar, 1858	05h52	18h52
S	14	Stigting van die Republiek Natalia, 1840	05h52	18h52
M	15		05h53	18h51
D	16		05h53	18h50
W	17	Voortrekkerlaer by Moordspruit uitgemoor, 1838	05h54	18h49
D	18	Martin Luther oorlede, 1546	05h54	18h49
V	19		05h55	18h48
S	20		05h56	18h47
S	21	Ds CW du Toit, geb 1842; "Ek is in 1842 gedoop in die Kaapse Kerk toe die naam nog Nederduitsch Hervormd was."	05h56	18h46
M	22	Eerste kerkgebou van Pretoria op Kerkplein ingewy, 1857	05h57	18h45
D	23	Eerste Kerkraad, Potchefstroom-gem deur Volksraad benoem, 1842	05h58	18h45
W	24	Kerkgebou op Potchefstroom ingewy 1866	05h59	18h44
D	25	Kerkgebou Ned Herv Gem Pretoria (Du Toitstraat) ingewy, 1905	05h59	18h43
V	26		06h00	18h42
S	27	Oorwinning van Boere oor Britse veroweraar, Majuba 1881	06h00	18h41
S	28	Ds P van Drimmelen in Humpata oorlede, 1919	06h01	18h40
M	29		06h01	18h40

MAART 31 DAE

MAANSVERANDERING

EERSTE KWARTIER	3	00h15
VOLMAAN	9	22h45
LAASTE KWARTIER	17	19h15
NUWE MAAN	25	12h17

Dag van die Week	Dag van die Maand		Sons. Opg.	Sons. Ond.
M	1		06h01	18h39
D	2		06h02	18h38
W	3	HT Bührmann word lid Geref Gem Rustenburg, 1863	06h02	18h37
D	4	Beëdiging MT Steyn as pres OVS, 1896	06h03	18h36
V	5		06h03	18h35
S	6	AWJ Pretorius, brief oor predikante en vrye volk, 1847	06h04	18h34
S	7		06h04	18h33
M	8		06h05	18h32
D	9	Slagtersnek, 1816; Vierkleur op Rustenburg gehys, 1857	06h05	18h31
W	10		06h06	18h30
D	11	Lydenburg stig De Republiek Lydenburg in Zuid-Afrika, 1857	06h06	18h29
V	12		06h07	18h28
S	13		06h08	18h27
S	14		06h08	18h26
M	15	Vierkleur op Zoutpansberg-dorp gehys o.l.v. Schoeman, 1858	06h09	18h25
D	16		06h09	18h24
W	17	Prof Jan HJA Greyvenstein gebore, 1878	06h10	18h23
D	18	Sandrivier-konvensie in Volksraadsaal, Rustenburg bekragtig, 1852	06h10	18h22
V	19		06h11	18h21
S	20		06h11	18h20
S	21		06h12	18h19
M	22		06h12	18h18
D	23	Eerste kerkraadsverg., NG Gem Pienaarsrivier (Pta), 1867	06h12	18h16
W	24	Teologiese Vereniging Van der Hoff gestig, 1924	06h12	18h15
D	25		06h13	18h14
V	26	Potchefstroom-gem deur eerw Lindley gestig, 1842	06h13	18h13
S	27	Eerste doopbediening deur eerw Lindley, Tvl, 1842	06h14	18h12
S	28		06h14	18h11
M	29	Manifes, Smith: redes – anneksasie van Trans-Oranje, 1848	06h15	18h10
D	30		06h15	18h09
W	31		06h16	18h08

APRIL 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	EERSTE KWARTIER	1	07h08	Opg.	Ond.
		VOLMAAN	8	12h18		
		LAASTE KWARTIER	16	14h42		
		NUWE MAAN	23	22h29		
		EERSTE KWARTIER	30	14h07		
D	1	Stigting Teol Fak, TUK, 1917; Lindley predikant Voortrekkers, 1841			06h16	18h07
V	2	Dr SP Engelbrecht, professor, Teol Fak, TUK, 1921			06h17	18h06
S	3				06h17	18h05
S	4	Lydenburg aanvaar Grondwet, ZA Rep word distrik, 1860			06h18	18h04
M	5				06h18	18h03
D	6	Van Riebeeck en handjievol koloniste land in Tafelbaai, 1652			06h19	18h02
W	7	Aanvangspunt Ned Herv Kerk van Afrika, 1652			06h19	18h01
D	8				06h20	18h00
V	9				06h20	17h59
S	10				06h21	17h58
S	11	Ds Dirk Postma neem afskeid in Kampen, Ned, 1858			06h21	17h57
M	12	ZA Rep deur Engeland geannekseer, 1877			06h22	17h56
D	13				06h22	17h55
W	14	Ds Dirk vd Hoff vertrek vanaf Kaapstad na Transvaal, 1853			06h23	17h54
D	15				06h23	17h53
V	16				06h24	17h52
S	17	Ds MJ Goddefroy aanvaar sy emeritaat, 1917			06h25	17h51
S	18	Luther voor Ryksdag van Worms; bly trou aan sy gewete, 1521			06h25	17h50
M	19				06h25	17h49
D	20	Brief komdt Salomon Prinsloo, Vlakfontein, e.a. i/s ds Begemann, 1868			06h26	17h48
W	21	Ds Van Warmelo oorl; slagoffer van mislukte Kerkvereniging, 1892			06h26	17h47
D	22	Oudl Jacob Swart skrywe in Amsterdam oor Voortrekkers, 1840			06h27	17h46
V	23	Kerkraad Witfontein weier om te verenig, 1886			06h27	17h45
S	24	Oudl FG Wolmarans (ouderling vanaf 1842) oorl, 1872			06h27	17h44
S	25	Brief diak MJ Willemse, Volksstem oor "Theologische School", 1890			06h28	17h44
M	26	Eerste kerkgebou van Rustenburg ingewy, 1851			06h28	17h43
D	27				06h29	17h42
W	28				06h29	17h41
D	29	Aanvang Tweede Dorslandtrek, 1875			06h30	17h41
V	30				06h30	17h40

MEI 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	VOLMAAN	8	02h45	Opg.	Ond.
		LAASTE KWARTIER	16	07h11		
		NUWE MAAN	23	06h40		
		EERSTE KWARTIER	29	22h07		
S	1				06h31	17h39
S	2	Hollandse taal in Kaapse Parlement toegelaat, 1882			06h31	17h39
M	3	Cachet tot NG Kerk-predikant in Ladysmith bevestig, 1863			06h32	17h38
D	4				06h32	17h37
W	5	Ds AJ Barger, skrywer van "Kort Begrip" oorl, 1940			06h33	17h36
D	6	Dirk van der Hoff tot evangeliebediening toegelaat, 1840			06h33	17h36
V	7	Engelse weier dat prop P Ham in Port Natal land, 1843			06h34	17h35
S	8				06h35	17h34
S	9	Kruger beëdig as Staatspresident van die ZA Rep, 1883			06h35	17h34
M	10				06h36	17h33
D	11	Laaste kerkraadsverg., NG Gem Pienaarsrivier (Pta), 80 lidmate, 1885			06h36	17h32
W	12	Eerste nagmaalsviering aan die Kaap, 1662			06h37	17h31
D	13	Opening van Konsilie van Trente: Roomse vs Protestantse leer, 1545			06h37	17h31
V	14				06h38	17h30
S	15	"De Hervormer" verskyn weer en van toe af permanent, 1909			06h39	17h30
S	16				06h39	17h29
M	17	Prof Barend Gemser gebore, 1890			06h40	17h29
D	18				06h40	17h29
W	19	Brief in "Volk Stem" getuig van geestelike swaard-dreigement van Smith, 1894			06h41	17h29
D	20				06h41	17h28
V	21	Erasmus Smit as Voortrekker-predikant bevestig, 1837			06h42	17h28
S	22	Di Postma en Van Heyningen verlaat Nederland, 1858			06h42	17h28
S	23	Die Volkstem oor ds Bosman se aandeel, inswering Shepstone, 1877			06h43	17h27
M	24	Ds Vd Hoff breek sy been op ampsreis, 1855			06h43	17h27
D	25	Prop Vd Hoff trou met Anna Maria van Otterloo, 1845			06h44	17h26
W	26	Duitse keiser veroordeel Luther en sy aanhangers, 1521			06h44	17h26
D	27	Aankoms Vd Hoff op Potchefstroom, 1853; sterfdag Calvyn, Geneve, 1564			06h45	17h25
V	28	Ds Vd Hoff herdenk sy 25-jarige ampsbediening in Tvl, 1878			06h45	17h25
S	29	Sinode van Dordrecht afgesluit, 1619			06h45	17h25
S	30	Eerste Uniale Ministerie gevorm met genl Botha as Eerste Minister en genls Hertzog en Smuts as lede van die Kabinet, 1910			06h46	17h24
M	31	Humpata gemeente gestig o.l.v. ds van Drimmelen 1910			06h46	17h24

JUNIE 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	VOLMAAN	6	17h59	Opg.	Ond.
		LAASTE KWARTIER	14	20h06		
		NUWE MAAN	21	13h52		
		EERSTE KWARTIER	28	07h56		
D	1	Dr B Gemser, professor, Teol Fak, TUK, 1926			06h47	17h24
W	2				06h47	17h24
D	3				06h48	17h23
V	4				06h48	17h23
S	5	Derde Alg Kerkverg Botsing tussen ds Vd Hoff en Smellekamp wat lei tot kerklike skeuring en afskeiding van Lydenburg, 1854			06h48	17h23
S	6	Ds Vd Hoff se eerste kerkraadsvergadering in Tvl, 1853			06h49	17h23
M	7	Oud-pres Reitz volg dr Leyds op as Staatsekr, ZA Rep, 1898			06h49	17h23
D	8	Eerste Alg Kerkverg na Tweede Vryheidsoorlog byeen, 1903			06h50	17h23
W	9				06h50	17h23
D	10				06h51	17h23
V	11				06h51	17h23
S	12	Stigting Ned Herv Gem Zeerust deur Kommissie van die Alg Kerkvergadering goedgekeur, 1871			06h51	17h23
S	13				06h52	17h23
M	14				06h52	17h23
D	15	Ds Van Warmelo geordenen: eerste predikant in Tvl gelegitimeer deur Kommissie van die Alg Kerkverg en geordenen deur di Vd Hoff, Begemann en Smits, 1864			06h52	17h24
W	16				06h52	17h24
D	17				06h53	17h24
V	18	Ds FS du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914			06h53	17h24
S	19				06h53	17h24
S	20	Komdt Salomon Prinsloo van Bronkhorstspruit oorlede 1892			06h54	17h24
M	21				06h54	17h25
D	22				06h54	17h25
W	23	Instelling van Tweede Volksraad, ZA Rep, 1890: Ds LE Brandt oorlede, 1939			06h54	17h25
D	24	Oudl JC (Oom Hansie Meerkat) Coetzee van Zeerust oorlede, 1933			06h55	17h26
V	25	Leipzigse Dispuut tussen Luther en dr Joh van Eck, 1519			06h55	17h26
S	26	Ds Cachet ontmoet Kommissie van die Alg Kerkverg op Rustenburg, 1865			06h55	17h26
S	27				06h55	17h27
M	28	Ds AJ Begemann aanvaar sy emeritaat 1872			06h55	17h27
D	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854			06h55	17h27
W	30	Ds Van Warmelo op Schoemansdal deur ds Smits bevestig, 1864			06h56	17h27

JULIE 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	VOLMAAN	6	09h32	Opg.	Ond.
		LAASTE KWARTIER	14	05h47		
		NUWE MAAN	20	20h57		
		EERSTE KWARTIER	27	20h22		
D	1	Beëdig pres Thomas F Burgers, 1872			06h56	17h28
V	2				06h56	17h28
S	3	Natalse owerheid stel FL Cachet as predikant, NG Gem Ladysmith te werk, 1864			06h56	17h28
S	4				06h56	17h29
M	5	Engels vervang Hollands as amptelike taal van Kaapkolonie, 1822			06h56	17h29
D	6	Johannes Huss gebore, 1373			06h55	17h30
W	7				06h55	17h30
D	8				06h55	17h31
V	9	Di Postma en Van Heyningen land in Kaapstad, 1858			06h55	17h31
S	10	Johannes Calvyn geb te Noyen, Picardië, Noord-Frankryk, 1509			06h55	17h32
S	11				06h55	17h32
M	12	Senator (oudl) ADW Wolmarans (oud-LUR) oorlede, 1928			06h55	17h32
D	13				06h54	17h33
W	14				06h54	17h33
D	15	Verlating van Schoemansdal; Kerkgebou, pastorie, skool, huise afgebrand, 1867			06h54	17h34
V	16				06h54	17h34
S	17				06h54	17h35
S	18				06h53	17h35
M	19	Eerste vergadering van die Kuratorium, 1909			06h53	17h36
D	20	Ds LGF Biccard oorlede, 1900			06h52	17h36
W	21				06h52	17h37
D	22				06h51	17h37
V	23	Komdt-genl Pretorius op Grootplaas oorlede, 1853			06h51	17h38
S	24	Afskeid van prof dr PJ Muller, predikant van Pretoria (1904–09), 1909			06h50	17h38
S	25	Prof Ulrich Lauts, pleitbesorger van Voortrekkers, in Ultrecht oorl 1865			06h50	17h39
M	26	Kerkorde van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804			06h49	17h39
D	27	Prokurasiekommissie gestig o.l.v. ADW Wolmarans, 1890			06h48	17h40
W	28				06h48	17h40
D	29				06h47	17h41
V	30				06h46	17h41
S	31				06h46	17h42

AUGUSTUS 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	VOLMAAN	5	00h34	Opg.	Ond.
		LAASTE KWARTIER	12	13h08		
		NUWE MAAN	19	04h45		
		EERSTE KWARTIER	26	11h49		
S	1	Volksraad in Tvl as voortsetting Natalse Volksraad, 1845			06h46	17h42
M	2				06h45	17h42
D	3				06h45	17h43
W	4				06h45	17h43
D	5				06h44	17h44
V	6	Ds Vd Hoff en oudl FG Wolmarans kom op Rustenburg aan, 1853			06h43	17h44
S	7	Ds Vd Hoff hou sy eerste kerkdiens op Rustenburg, 1855			06h42	17h44
S	8	Eerste Alg Kerkverg op Rustenburg geopen; oudl FG Wolmarans voorsitter, 1853			06h42	17h45
M	9	Ds MJ Goddefroy oorlede, 1920			06h41	17h45
D	10	Louis Trichardt gebore, 1783; ds WPJ Poen oorlede, 1937			06h40	17h46
W	11				06h39	17h47
D	12	Komdt Jan Viljoen, briewe aan J Blignaut en ds Cachet, 1868			06h39	17h47
V	13	Aanval van Zoeloe-impi op Veglaer, 1838			06h38	17h47
S	14	Sambok-episode op Kwaggafontein, Marico: Komdt Viljoen ds Cachet, 1868			06h37	17h47
S	15	Slag van Thaba Bosigo, 1856			06h36	17h48
M	16				06h35	17h49
D	17	Aankoms, Kaapstad, ds Van Arckel, eerste vaste predikant deur NOIC na die Kaap gestuur, 1665			06h35	17h49
W	18	Ds A Lagerwey oorlede, 1898			06h34	17h50
D	19				06h33	17h50
V	20				06h32	17h51
S	21				06h31	17h51
S	22				06h30	17h52
M	23	Eerste doopbediening aan die Kaap, 1653			06h29	17h52
D	24	Bloedbruilof van die St Bartholomeusnag, 1572			06h29	17h52
W	25	Aankoms van eerste Hugenote aan die Kaap, 1688; genl Louis Botha oorl, 1919; ds Simon Vermooten oorl, 1965			06h28	17h52
D	26	Ingebruikneming van die Afrikaanse Bybel, 1933			06h27	17h53
V	27	Slag van Boomplaas, 1848			06h26	17h53
S	28				06h25	17h53
S	29	Ds PAC van Heyningen oorlede, 1904			06h24	17h54
M	30	Ds Vd Hoff, Kerkraadsverg Rustenburg: briewe insake koms van Postma, 1858			06h23	17h54
D	31	Kerkraad Lydenburg dank ds Vd Hoff as predikant af; skei af, 1854			06h22	17h55

SEPTEMBER 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand	VOLMAAN	3	14h28	Opg.	Ond.
		LAASTE KWARTIER	10	19h19		
		NUWE MAAN	17	14h09		
		EERSTE KWARTIER	25	06h07		
W	1	ZA Rep deur Engeland geannekseer, 1900			06h21	17h55
D	2	Ds Dirk van der Hoff in Dordrecht geb 1814			06h20	17h56
V	3	Ds Daniël Lindley (1801–1880) in Morristown (NJ) VSA oorlede. Van 1.4.1841 tot in 1848 was hy predikant onder Voortrekkers.			06h19	17h56
S	4	Ds Cachet kom in Pretoria aan, 1866			06h18	17h56
S	5	Erasmus Smit in Rotterdam as sendeling onder Kleurlinge in SA ingeseën, 1802			06h17	17h57
M	6				06h16	17h57
D	7	Prof HP Wolmarans gebore, 1894. Stigting Ned Geref Gem Pienaarsrivier distrik Pretoria, olv ds Cachet, 1866			06h14	17h58
W	8				06h13	17h58
D	9				06h12	17h59
V	10	Dr Abr Faure, Aktuaris Kaapse Kerk kom in Natal aan, 1843			06h11	17h59
S	11				06h10	17h59
S	12	Kerklike hereniging tussen Lydenburg en Ned Herv Kerk, 1864			06h09	17h59
M	13				06h08	18h00
D	14				06h07	18h01
W	15	Eerste Volksraad van die Unie van SA verkies, 1910			06h06	18h01
D	16				06h05	18h02
V	17	Pres MW Pretorius in distrik Graaff-Reinet geb, 1818			06h04	18h02
S	18				06h03	18h02
S	19				06h02	18h03
M	20	Huweliksordonnansie van De Mist aan die Kaap ingevoer, 1804			06h01	18h03
D	21				05h59	18h04
W	22				05h58	18h04
D	23				05h57	18h05
V	24				05h56	18h05
S	25				05h55	18h05
S	26				05h54	18h06
M	27	Genl Louis Botha gebore, 1862			05h53	18h06
D	28	Volksraad, ZA Rep, tref nuwe reëling insake traktemente 1874			05h52	18h06
W	29				05h51	18h06
D	30	Ds MJ Goddefroy te Witfontein deur oudl CJJ Joubert bevestig met hele Transvaal as sy arbeidsveld, 1887			05h50	18h07

OKTOBER 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		VOLMAAN	3	03h08		
		LAASTE KWARTIER	10	01h26		
		NUWE MAAN	17	02h04		
		EERSTE KWARTIER	25	02h08		
V	1				05h49	18h07
S	2	Slag van Vegkop, 1836			05h48	18h08
S	3				05h47	18h08
M	4				05h46	18h09
D	5	Ds PW Ennis verkry eervole ontslag, 1928			05h45	18h09
W	6				05h44	18h10
D	7	Oudl DPJ (Oom Dirkie) van Schalkwyk van Trichardts oorl, 1911			05h43	18h10
V	8				05h42	18h11
S	9	Ds Dirk vd Hoff op Potchefstroom oorlede, 1881			05h41	18h12
S	10	SJP Kruger gebore, 1825; Univ van Pretoria kom tot stand, 1930			05h40	18h12
M	11	Ulrich Zwingli sneuwel, 1531			05h39	18h13
D	12				05h38	18h13
W	13	Eerste diamant in Suid-Afrika gevind, 1867			05h37	18h14
D	14				05h36	18h14
V	15				05h35	18h15
S	16	Oudl DF Jacobs deur Natalse Volksraad as ouderling en katkisasiemeester aangestel, 1840; eerw Erasmus Smit kom in Kaapstan aan, 1804			05h34	18h15
S	17	Volksraad skrywe aan JA Smellekamp insake predikant uit Nederland, 1844			05h33	18h16
M	18				05h32	18h16
D	19	Eerste kerkgebou op Stellenbosch ingewy, 1687			05h30	18h17
W	20				05h29	18h17
D	21	Prof SP Engelbrecht gebore, 1891 oudl F Boshoff van Waterberg oorlede, 1919			05h28	18h18
V	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685			05h27	18h18
S	23				05h26	18h19
S	24	Sinode Kaapse Kerk besluit op voorstel van oudl De Smidt dat Engels ook in Hollandse kerke gepreek moet word, 1859			05h26	18h19
M	25	FL Cachet in Kafferland georden deur twee predikante van die Skotse Sendingkerk, o.a. deur Tyo Soga, 1860			05h25	18h20
D	26				05h24	18h20
W	27				05h23	18h21
D	28				05h23	18h21
V	29				05h22	18h22
S	30				05h21	18h23
S	31	Hervormingsdag. Martin Luther spyker sy 95 stellings teen Slotkerk van Wittenberg, 1517			05h21	18h23

NOVEMBER 30 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		VOLMAAN	1	14h57		
		LAASTE KWARTIER	8	08h38		
		NUWE MAAN	15	17h10		
		EERSTE KWARTIER	23	22h05		
M	1	Die Bybelgenootskap van SA amptelik selfstandig, 1965			05h20	18h24
D	2	Eerste Alg Kerkverg, Ned Herv Kerk te Kaapstad, 1824			05h19	18h25
W	3				05h18	18h26
D	4	Naam van Ned Herv Kerk in Kaap verander na Ned Geref Kerk, 1842			05h18	18h26
V	5	Aankoms van ds Dirk vd Hoff in Kaapstad, 1852			05h17	18h27
S	6				05h16	18h28
S	7	Vasco da Gama in St Helenabaai, 1497; begrafnis van ds Van Belkum, 1933			05h16	18h28
M	8	Kerkwet van 1842 amptelik deur Goewerneur as Ordonnansie van 1843 geproklameer; bly geldig tot 1961			05h15	18h29
D	9	Ds Dirk vd Hoff by ds A Faure gelegitimeer; weier om eed van getrouheid aan Britse gesag af te lê, 1852			05h15	18h30
W	10	Martin Luther gebore, 1483. Begin van kerknaamtwis in Tvl o.l.v. ds Cachet; Kommissie van die Alg Kerkvergadering handhaaf kerknaam onveranderd, 1865			05h14	18h31
D	11				05h14	18h31
V	12	Piet Retief, Trekkerleier, gebore, 1780			05h13	18h32
S	13	Sinode van Dordrecht geopen, 1618			05h13	18h33
S	14				05h12	18h33
M	15	Ds AJ Begemann oorlede, 1925			05h12	18h34
D	16	Stigting van Pretoria deur Volksraad goedgekeur, 1855			05h11	18h35
W	17				05h11	18h36
D	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497			05h10	18h36
V	19				05h10	18h37
S	20	Kerkgebou op Eldoret, Oos-Afrika, ingewy, 1921			05h10	18h38
S	21	Ds HD van Broekhuizen, predikant van die Ned Herv Kerk, 1917			05h09	18h38
M	22	Tweede Alg Kerkvergadering beskou homself as onafhanklike kerk onder eie bestuur; verwerp inlywing by Kaapse Kerk finaal, 1853			05h09	18h39
D	23				05h09	18h40
W	24				05h09	18h41
D	25				05h08	18h41
V	26				05h08	18h42
S	27	Alg Kerkvergadering byeen op Heidelberg insake rapport van Verenigingskommissie, 1882			05h08	18h43
S	28	FL Cachet deur Kaapse Sinode toegelaat as predikant en lidmaat van die Kerk, 1862			05h08	18h43
M	29				05h08	18h44
D	30				05h08	18h45

DESEMBER 31 DAE

Dag van die		MAANSVERANDERING			Sons.	
Week	Maand				Opg.	Ond.
		VOLMAAN	1	02h21		
		LAASTE KWARTIER	7	17h53		
		NUWE MAAN	15	11h18		
		EERSTE KWARTIER	23	16h17		
		VOLMAAN	30	13h33		
W	1	Slawe in Kaapkolonie vry verklaar, 1834			05h08	18h46
D	2	Verkiesing van lede van eerste Voortrekker-Volksraad, 1836			05h08	18h46
V	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838; NG Kerk kom in Tvl tot stand 1866			05h08	18h47
S	4					
S	5	Ds Van Heyningen neem afskeid van Lydenburg Kerkraad, besluit om gedeelte van gesamentlike argief te vernietig, 1865			05h08	18h49
M	6	Aflegging van Voortrekkergelofte, 1838			05h09	18h50
D	7	Ned Herv of Geref Kerk gestig: Konsulentsgemeente van Pretoria (Witfontein) ontbreek, 1885			05h09	18h51
W	8	Pres TF Burgers oorlede, 1881			05h10	18h52
D	9				05h09	18h52
V	10	Slag van Magersfontein, 1899; Luther erken Roomse Kerk nie meer as kerk nie, 1520			05h09	18h53
S	11	Ds CW du Toit aanvaar sy emeritaat, 1918			05h10	18h53
S	12	Die Zuid-Afrikaansche Republiek op Paardekraal herstel, 1880			05h10	18h54
M	13				05h10	18h55
D	14				05h10	18h55
W	15	Slag van Colenso, 1899			05h11	18h56
D	16	Slag van Bloedrivier, 1838			05h11	18h57
V	17	Eerste Grondwet van ZA Republiek op Potchefstroom onderteken, 1856			05h11	18h58
S	18				05h12	18h58
S	19	Andries Hendrik Potgieter gebore, 1792			05h12	18h59
M	20	Genl Frans (Fransheld) Joubert behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880			05h13	18h59
D	21				05h13	19h00
W	22				05h14	19h00
D	23	Ds Vd Hoff en pres Pretorius ontmoet ds Postma buite Potchefstroom, 1858			05h14	19h01
V	24				05h15	19h01
S	25	Ds Postma preek in Herv kerkgebou op Potchefstroom, 1858			05h15	19h02
S	26	Oudl FG Wolmarans verdedig sing van gesange teenoor ds Postma, 1858				
M	27				05h16	19h02
D	28	Hoeksteenlegging eerste kerkgebou Kaapstad, 1770			05h17	19h02
W	29				05h18	19h02
D	30	Jameson-inval, 1895			05h18	19h03
V	31				05h19	19h03

UNIVERSITEITSKALENDERS 1982

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

10 Februarie tot 1 April
14 April tot 26 Junie
20 Julie tot 5 Oktober
12 Oktober tot 1 November

UNIVERSITEIT VAN PORT ELIZABETH

5 Februarie tot 31 Maart
14 April tot 23 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 18 November

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

16 Februarie tot 2 April
13 April tot 25 Junie
20 Julie tot 24 September
4 Oktober tot 22 November

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO

3 Februarie tot 1 April
14 April tot 23 Junie
27 Julie tot 26 November

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

1 Februarie tot 2 April
13 April tot 26 Junie
27 Julie tot 10 September
21 September tot 27 November

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

4 Februarie tot 2 April
14 April tot 19 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 29 November

UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

22 Februarie tot 16 April
26 April tot 25 Junie
19 Julie tot 3 September
13 September tot 10 Desember

UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND

15 Februarie tot 2 April
19 April tot 30 Junie
19 Julie tot 5 September
13 September tot 26 November

UNIVERSITEIT VAN NATAL

15 Februarie tot 16 April
26 April tot 25 Junie
26 Julie tot 10 September
20 September tot 26 November

RHODES UNIVERSITEIT

15 Februarie tot 8 April
20 April tot 26 Junie
26 Julie tot 3 September
13 September tot 4 Desember

ONDERWYSKOLLEGE KALENDERS 1982

BLOEMFONTEIN

12 Januarie tot 26 Maart
14 April tot 25 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 3 Desember

PRETORIA/POTCHEF-STROOM/GOUDSTAD

12 Januarie tot 31 Maart
20 April tot 8 Julie
3 Augustus tot 2 Desember

PAARL

19 Januarie tot 31 Maart
14 April tot 24 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 3 Desember

SKOOLKALENDERS 1982

KAAP DIE GOEIE HOOP

20 Januarie tot 31 Maart
14 April tot 24 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 7 Desember

NATAL

19 Januarie tot 2 April
14 April tot 2 Julie
27 Julie tot 1 Oktober
12 Oktober tot 3 Desember

ORANJE-VRYSTAAT

12 Januarie tot 26 Maart
14 April tot 25 Junie
20 Julie tot 24 September
5 Oktober tot 8 Desember

TRANSVAAL

6 Januarie tot 31 Maart
20 April tot 8 Julie
3 Augustus tot 4 Oktober
8 Oktober tot 1 Desember

SUID-WES AFRIKA

20 Januarie tot 31 Maart
14 April tot 30 Junie
20 Julie tot 23 September
5 Oktober tot 7 Desember

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Prof dr J P Oberholzer (voorsitter), ds P M Smith (skriba), prof dr F J v Zyl (vise-voorsitter), prof dr B J Engelbrecht (vise-skriba), prof dr P J T Koekemoer, ds C L v d Berg, ouderlinge: proff drr P S Dreyer, A P Grové, A J G Oosthuizen, brs J C Oelofse, J P v d Berg, M Pretorius, R Cronjé, K Berkenbosch en J C de Lange.

SKRIBA KOMMISSIE VAN DIE ALGEMENE KERKVERGADERING

Ds P M Smith, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 3-5201 (werk), 43-4768 (huis).

ADMINISTRATEUR

Mnr A B v N Herbst, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 3-2101 (werk), 46-4928 (huis).

RAAD VAN FINANSIES

Di J N Wolmarans (voorsitter), J C de Lange, G C Velthuysen, prof dr J P Oberholzer, ds P M Smith, prof dr P W Hoek, mnre P A Bentum, A J Marais, J J Vermooten.
Skriba: Die administrateur.

PENSIOENRAAD

Di T F Dreyer (voorsitter), A J v Staden, C J S v Niekerk, mnr F Hugo, dr J de Loor.
Skriba: Die administrateur (ampshalwe lid).

RAAD VIR REGSADVIES

Proff drr A D Pont (voorsitter), J I de Wet, S J Botha, dr D J C van Wyk, ds J J P Müller.
Skriba: Die administrateur (ampshalwe lid).

RAAD VIR DIE ARGIEFBEWAARPLEK EN DIE S P ENGELBRECHT-MUSEUM

Prof dr A D Pont (voorsitter), di P M Smith, T F Dreyer, S J Botha, mnr A B v N Herbst.
Skriba: Die argivaris, dr H M Rex, Posbus 2368, Pretoria 0001, tel 3-5201.

SINODALE DIENSTE EN INRIGTINGS

PERS, BOEKHANDEL EN UITGEWERY

Drukkery

NHW-Pers, Industrialweg 141, Pretoria-Wes, Posbus 18061, Hercules 0030. Telefoon 79-1917 79-1093-6

Boekhandels

HAUM Kerklike Boekhandel, Generaal Pretoriusgebou, Paul Krugerstraat 483, Posbus 460, Pretoria 0001. Telefoon 3-6417/8

HAUM Akademiese Boekhandel, Nedbank Forumgebou, h/v Festival- en Burnettstraat, Hatfield, Pretoria. Telefoon 43-4476

UITGEWERYE

HAUM Opvoedkundige Uitgewery, Monarchhuis, Langstraat 58, Posbus 1371, Kaapstad. Telefoon 43-5008/9

